

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 10, No. 2

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar-Apr 2010 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Waarom aardbewings?

Dramaties *vervulde profesieë* is besig om hierdie wêreld na die **einde** van hierdie samelewing soos ons dit ken te neem, of ons dit nou ook al beseft of nie! Die onlangse skrikwekkende aardbewing in Haïti is besig om een van die ergste rampe in hedendaagse tye te word. Binne dae na die ramp was meer as 200,000 mense as dood aangegee en 1.5 miljoen is haweloos gelaat. Namate die dae verbygegaan het, het die omvang van die skade al hoe meer duidelik geword. Haïti het 'n knou beleef wat jare kan neem om van te herstel!

Baie organisasies het gehaas om hulp te stuur. Ons was in staat om 'n Haïtiaanse lid van ons *Wêreld van Môre* bediening te help om persoonlik bystand te verleen – finansiële en andersins – aan baie lydende Haïtiane. Ons is natuurlik almal besorg oor ons lydende medemense.

Waarom egter so 'n tragedie?

In 'n kommentaar oor die Haïti-aardbewing sê President Barack Obama van die Verenigde State: “Vir 'n land en mense wat nie vreemdelinge is van swaarkry en lyding nie, lyk hierdie ramp besonder wreed en onverstaanbaar” (*USA Today*, 13 Januarie 2010). Die President het die ramp as “onverstaanbaar” beskryf – iets wat hy nie kan verstaan nie. Hy noem dit nogtans ook “wreed”. Het hy **God** wreed genoem? Kon hy

bedoel dat 'n sataniese mag hierdie wrede aardbewing veroorsaak het? Dit maak nie saak hoe mens hierdie opmerkings vertolk nie, dit openbaar 'n man wat werklik nie verstaan nie. Min mense verstaan egter.

Ons **behoort egter** te verstaan. Ongetelde duisende van u, intekenaars, het *alreeds* aan uself bewys dat ons by die *Wêreld van Môre* **wel weet wat die betekenis is** van die profesieë wat hier op aarde uitgewerk word! Baie van ons in hierdie Werk het gehelp om hierdie gebeure *dekades vooruit* te verduidelik, sedert ons nou saamgewerk het onder mnr. Herbert W. Armstrong in die Werk wat Christus deur hom gedoen het. Ons wil hê dat u ook moet weet wat ons weet.

Eerstens is dit noodsaaklik om te beseft dat God 'n *7,000 jaar plan* het! Hy probeer **nie** om elke mens in hierdie tyd, te “red” nie! Andersins sou Hy as *El Shaddai* – “Almagtige God” – elke mens *op die oomblik* gered het – en geen mag in die heelal sou Hom kon keer nie!

Jesus Christus Self het gesê: “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag” (Johannes 6:44). Jesus se eie lering dui daarop dat Hy en God die Vader **nie** tóé probeer het om elkeen te “red” nie. Nadat Hy verkondig het dat Hy Self inderdaad die “Rots” is

waarop die ware Kerk gebou gaan word, het Jesus *Petrus bestraf* en gesê: "Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n **struikelblok**, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense" (Mattheüs 16:23)! Net soos die meeste mense, het Petrus nie besef dat menslike wesens gewoonlik *baie lyding* nodig het om die lesse te leer wat ons moet leer nie, asook dat Jesus se *lyding en dood* 'n noodsaaklike deel van God se plan was.

Wanneer Jesus toe sê: "Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat *niemand na My toe kan kom as dit hom nie deur my Vader gegee is nie*" (Johannes 6:65), gaan die Skrif voort en sê aan ons: "Hieroor het **baie** van sy dissipels teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie" (vers 66).

Jesus het nie agter hulle aan gehardloop – desperaat om hulle dan en daar te "red" nie. God laat egter toe dat in die eerste *6,000 jaar tydperk* van Sy groot Plan vir menslike wesens die lesse geskryf word wat hulle moet leer deur die *menslike lyding wat volg wanneer* hulle hul eie weg volg. Die meeste sal nie daardie lesse ten volle **leer** tot eers later nie. God het dus, in effek, Hom daarvan weerhou om "in te meng" met ons menslike samelewing, wat Hy nou toegelaat het om onder die tydelike beheer van Satan die duiwel te staan. Die meeste van u, lesers, weet dit – maar die mense wat uitroep: "Waar was

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Waarom aardbewings?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Het Protestantisme gefaal? 3

Miljoene mense het die "hoofstroom" Protestantse kerke verlaat! Waarom? Wat hou die toekoms egter in?

Hier kom die son? 8

Is die wydverspreide konsensus oor "aardverwarming" nou besig om weg te smelt?

Gemenebes 13

Was die Britse Ryk niks meer as die tiranniese regering soos baie moderne historici ons wil wysmaak?

Hoop vir die toekoms! 16

Ons wêreld ly as gevolg van voortdurende ekonomiese en militêre probleme. Weet u dat u Bybel 'n nuwe wêreld belowe?

Op pad na 'n ekonomiese ramp? 20

Die huidige ekonomiese krisis het pyn in die lewens van ontelbare miljoene mense in Amerika en oor die wêreld gebring. Kan ons 'n vinnige herstel verwag?

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besigheidsbestuurder

J. Davy Crockett, III

Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Streekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (061) 8 8383 6288

Faks: (061) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 2B9

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Het Protestantisme gefaal?

Deur Roderick C. Meredith

Miljoene mense het die “hoofstroom” Protestantse kerke verlaat! Waarom? Wat hou die toekoms egter in?

Waarom het miljoene opregte mense oor die laaste aantal jare uit Protestantse kerke padgegee? *Waarom* is so baie van diegene wat agtergebly het, gewillig om die Bybel te ignoreer en om idees van Boeddhisme, Hindoeïsme en “New Age” teorieë en gebruike te aanvaar?

Waarom?

'n Onlangse opname van Amerika se godsdienstige affiliasie het ontdek: “Ou hooflyn kerke van Protestantisme is statistiese verdigsels van hul gryswordende verbeeldings. Die Episkopale Kerk verteenwoordig 1.1% van die bevolking. Internet-vetes het 'n miljoen gemeentelede weggedryf – omtrent een derde – van 2001 tot 2008. Die aantal **'ongespesifiseerde Christene'** het gegroei van 8 miljoen in 1990 tot 16 miljoen in 2008, maar die verskuiwing in gesindheid is selfs groter ... Inderdaad, die idee van 'n persoonlike God verloor veld teenoor 'n vae, deïstiese mag” (*Charlotte Observer*, 24 Maart 2009).

Miljoene kerkgangers is in verwarring en beoefen dikwels 'n soort “kafeteria” benadering tot godsdiens – hulle kies 'n bietjie van dit en 'n bietjie van dat. Noemenswaardige getalle vind dat hul aangetrokke voel tot Rooms-Katolieke leerstellings oor homoseksuele gedrag, die heiligheid van 'n huwelik tussen 'n man en 'n vrou, die algehele

manlike priesterdom en die streng verbod teen aborsie, owerspel en ontug. Dit is belangrik om te besef dat Pous Benedict XVI onlangs uitgereik het na vervreemde Anglikane en hul hartlik uitgenooi het om terug te keer na Rome terwyl hulle baie van hul onderskeidende tradisies mag behou – insluitend getroude priesters!

Baie waarnemers besef dat die klaarblyklike stabiliteit van Rooms-Katolisisme dit toenemend meer aanloklik maak vir voormalige Protestante wat moeg geword het vir hul eie sektes “gegorrel” oor so baie kwessies. Studente van Bybelprofesie sal nie verbaas wees om honderde van duisende en selfs miljoene mense in die volgende paar jaar te sien terugkeer na hul “moederkerk” nie!

Die Sleutelkwessie

Vir diegene met begrip is die **werklike kwessie** die feit dat die Protestantse hervormers en hul opvolgers **nie** werklik hul mense teruggedraai het na die “...geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is” nie (Judas 3). Onthou die gereelde gesegde van die bekende Protestantse teoloog, William Chillingworth: “Die Bybel, die hele Bybel en niks anders as die Bybel nie, is die godsdiens van die Protestante” (*Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge*, artikel

“*Chillingworth, W*”). Nogtans het die meeste Amerikaanse kerkgangers – sowel as Britte – byna *geen kennis* van die besonderhede van die Bybel nie!

Jesus Christus het Sy volgelinge beveel: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). “Nogtans weet Amerikaanse burgers omtrent niks van die Bybel nie. Alhoewel die meeste dit as die woord van God beskou, lees baie min dit nog. Selfs evangeliesgesindes van die Bybelbelt is meer daarop toegespits om Jesus lief te hê, as om te leer wat Hy te sê gehad het” (*Charlotte Observer*, 18 Maart 2007).

Vang die laaste sin u aandag? *Dit is uiters belangrik!* Dit is **waar** dat selfs “Christene in die Bybelbelt” baie meer daarop ingestel is om “Jesus lief te hê” as op *wat Hy te sê gehad het!* Dit is **waarom** hulle so verward, so *verdeeld* en *onkundig* is oor wat die geïnspireerde Woord van God probeer sê aan hulle. Hulle **bestudeer eenvoudig nie** hul Bybel soos 'n boek oor geskiedenis, wiskunde of kwantumfisika nie. Hulle benader dit slegs met 'n sentimentele gesindheid en lees stukkies en brokkies – maar lees **nie** die hele Bybel met 'n begeerte en biddend vir *begrip* nie en vra ook nie God vir die *gewilligheid* om **gehoorsaam** te wees aan dit wat Hy vir hulle in die bladsye van die

Bybel sê nie!

Mens kan letterlik *honderde* voorbeelde hiervan in koerante en tydskrifte vind. In Junie 2006 het die 75ste Algemene Konvensie van die Episkopale Kerk in Amerika 'n besluit uitgevaardig waarin “die Bybel hoofsaaklik veroordeel word as 'n 'anti-Joodse' dokument. Die resoluksie probeer nie slegs om die persepsies van anti-Joodse vooroordele in die Bybel en Episkopale liturgie aan te spreek nie, maar stel voor dat sodanige vooroordele in werklikheid 'uiting vind in ... die Christelike Skrif en liturgiese tekste” (*Virtue-Online.org*, 15 Junie 2006).

Het mense die “kluts” heeltemal kwyt geraak? Wanneer dit werklik bestudeer en selfs halfpad verstaan word, is die Bybel heeltemal **pro-Joods** en is dit eintlik 'n relaas van hoe God aan Sy mense in die Ou Testament 'n basiese lewenswyse gegee het – hoewel slegs in die *letter* van die Wet – en hoe Jesus Christus, 'n Jood (Hebreërs 7:14; Openbaring 5:4-5) gekom het om die Wet in die Nuwe Testament “groot en heerlik te maak” (Jesaja 42:21).

Jesus Christus – wat elke regdenkende persoon behoort te erken as die werklike Outeur van ware Christelikheid – het herhaaldelik na die Ou Testament verwys as “Skrif”. Hy het Sy *stempel van goedkeuring* daarop geplaas en sekerlik ook op wat ons die Nuwe Testament noem. Vandag egter word die basiese Christelike begrip van die Bybel as “die geïnspireerde Woord van God” in Amerika en Brittanje “afgewater”, gekritiseer en feitlik **verwyder** uit ons

belydende “Christelike” kultuur! In werklikheid leer die oorgrote meerderheid hede nda agse predikante en godsdienstige leiers hul volgelinge dikwels gesindhede en idees wat *heeltemal teenstrydig* is met wat die Bybel eintlik sê! In plaas daarvan om te erken dat dit slegs hul eie “filosofie” is, verkondig hulle hul idees in die *naam* van “Christelikheid”! Waarom moet hulle *Christus* se naam daarby insleep, wanneer dit **niks** met Christus te make het of wat Hy verkondig het nie?

'n Totaal foutiewe model

'n Fundamentele fout wat veroorsaak het dat Protestantisme **gefaal** het om terug te keer na die waarheid van die Bybel, is omdat hulle begin het met 'n verkeerde model of “paradigma”. 'n Paradigma word omskryf as “'n algehele begrip aanvaar deur die meeste mense in 'n intellektuele gemeenskap, soos in een van die natuurwetenskappe, as gevolg van die doeltreffendheid daarvan om 'n komplekse proses, idee of stel data te verduidelik” (vryelik vertaal uit *Webster's New World College Dictionary*).

In plaas daarvan om die *geïnspireerde Woord van God* te gebruik as die fundamentele paradigma of “model” van wat hy graag wou herstel, lyk dit asof Martin Luther – algemeen aanvaar as die belangrikste stigter van Protestantisme – in opstand was teen sekere Rooms-Katolieke gebruike. In werklikheid was dit nogtans sy voorneme om *voort te gaan* met baie van die basiese

leerstellings van Katolisisme, behalwe daardie paar waarmee hy persoonlik verskil het! Protestantisme het dus 'n “sameflansing” van verskillende idees geword. Sommige daarvan was oorgedra uit heidense gebruike wat deel was van die vroeëre Rooms-Katolisisme. Ander was afgelei uit selektiewe gebruik van sekere Skrifgedeeltes terwyl ander gedeeltes geïgnoreer was. Party weer, was weinig meer as die 'n van Luther en sy kollegas, sonder enige voordeel van die Skrif! Dit lyk of dit nooit by hulle opgekom het dat, **indien** hulle werklik die “geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer was” wou **herstel**, hulle werklik *ten volle* na die leerstellings van die Bybel moes *terugkeer* nie!

Dit is dus merkwaardig dat terwyl hy die leerstelling van transsubstansiasie (gedaante-verandering) verwerp het, Luther die *absolute gesag* van die Bybel in gevalle van geloof en gebruike verklaar het. Hy het gesê: “Alles wat aanvaar word sonder die gesag van die Skrif of bewese openbaring, mag beskou word as 'n opinie, maar daar is geen verpligting om dit te glo nie ... Trans-substansiasie ... moet beskou word as 'n uitvinding van menslike redenasie, aangesien die nóg op die Skrif, nóg op grondige beredenering gegrond is” (*Documents of the Christian Church*, red. Bettenson, bl. 280).

Indien Luther tog maar net hierdie soort skriftuurlike toets op *al* sy leerstellings toegepas het, sou die wêreld vandag 'n ander soort plek gewees het!

Toe hy egter aangespreek is omdat hy die woord “sola” (*slegs of alleen*) in Romeine 3:28 ingevoeg het, het hy hooghartig verklaar: “Sou u Pous homself enige onnodige wroeging oor die woord “sola” gee, kan u dadelik sê: Dit is die wil van Dr. Martin Luther dat dit so moet wees” (*Manual of Universal Church History*, bl. 199). Ons mag ook op goeie gesag byvoeg dat geen ander rede ooit verskaf was vir sodanige onskriftuurlike veranderings soos hierdie nie. Wanneer dit by Luther se eie, persoonlik dogmatiese oortuigings gekom het, was Martin Luther werklik 'n baie *eiesinnige* man.

Wanneer enige mens of beweging geoordeel word, het Jesus gesê: “So sal julle hulle dan aan hul **vrugte** ken” (Mattheüs 7:20).

Indien mens eerlik en objektief die werklike “vrugte” oorweeg van die gebruike van Protestantisme – of vir dieselfde prys, Katolisisme – in *enige* nasie of plek in die wêreld, word dit duidelik dat *waaragtige* Christelikheid in geneen van daardie plekke herstel was nie. Soos almal wat geskiedenis bestudeer weet, het baie van die groot oorloë in die laaste klompie honderd jaar in Europa plaasgevind. Ons lees van Protestante wat teen Protestante veg, Katolieke wat teen Katolieke veg. Aan elke kant sou biskoppe of priesters die troepe “seën” terwyl hulle gereed maak om oor die rant te storm om die vyand met bajonette aan te val en sy ingewande uit te steek. Nogtans kon daardie “vyand” moontlik 'n

persoon uit hul *eie gods-dienstige geloof* gewees het!
Christelikheid?

Waarom nie volg wat Christus geleer het nie?

Nóg Protestantse nóg Katolieke teoloë as geheel het ooit die eenvoudige, ondubbelsinnige leringe van Jesus Christus ernstig opgeneem, want toe 'n jong man aan Jesus Christus die weg na die ewige lewe gevra het, was Sy antwoord: “Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God. Maar as jy in die lewe wil ingaan, **onderhou die gebooie**” (Mattheüs 19:17). In die alombekende Bergpredikasie het Jesus duidelik gesê: “Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele” (Mattheüs 5:17-19).

Baie Christene snap nie die belangrikheid van daardie woorde nie. Met betrekking tot die Wet, sê Jesus dat “nie een jota of een titteltjie” – die kleinste merkies in die Hebreeuse skrif – daaruit sou verdwyn totdat die hemel en die aarde verbygegaan het nie. Aangesien die

hemel en die aarde nog **nie** verbygegaan het nie, behoort ons te verstaan dat die Wet nog steeds geldig is. Het Sy “vervulling” van die Wet op een of ander manier hierdie gebooie verander, of het hulle verander ná Christus se opstanding? Nee! Die hemel en die aarde het nie verbygegaan met Sy opstanding nie. Ons sien ook dat dit Jesus se eie voorbeeld was om **al** Tien Gebooie te onderhou – insluitende die sewende dag Sabbat (Lukas 4:16).

In hierdie Skrifgedeeltes het Jesus duidelik van God se Wet gepraat – God se *geestelike* Wet – die Tien Gebooie. Ten opsigte hiervan verwys Hy uitdruklik na die gebod: “Jy mag nie doodslaan nie” (Lukas 18:20). Soortgelyk verwys Hy na God se gebod om *nie* egbreuk te pleeg nie, en sê dan: “Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het” (Mattheüs 5:28). Jesus het dus nie net die Tien Gebooie as die basis vir Christelike gedrag bekragtig nie, maar het ook getoon dat indien 'n man 'n vrou selfs net *begeer*, dan het hy die gees van die Wet verbreek – en dat, indien hy haat in sy hart omdra, pleeg hy geestelik **moord** (Mattheüs 5:21-22).

Petrus se waarskuwing

In sy laaste brief, heel aan die einde van sy lewe, het die apostel Petrus *spesifiek gewaarsku* oor hoe misleide mense die leringe van die apostel Paulus mag *verdraai* as verskoning om weg te doen met God se Wet! Petrus beskryf

Paulus se sendbriewe as deel van die Skrif – hoewel as die deel “... wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf. Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van **sedelose mense** en wegval uit jul eie vastigheid nie” (2 Petrus 3:16-17).

Dit is uiters belangrik dat ons almal *een basiese konsep* moet verstaan: Protestantisme het die spoor bystergeraak omdat verwarde leiers deur die onsigbare Satan die duiwel gelei was om God se Wet te **verwerp** – die Tien Gebooië – as die grondslag vir alle korrekte Christelike gedrag! Hulle het eerder die idee van “genade”, soos *hulle* dit verstaan het, as die metode gebruik om op een of ander manier “weg te doen” met die nodigheid om die Tien Gebooië – *al tien van hulle* – letterlik te gehoorsaam. Soos hierbo aangedui, was Petrus teen die heel einde van sy lewe *deur God geïnspireer* om alle lesers van die Bybel kragtig te **waarsku** dat “wettelose mense” ander sal laat afwyk van gehoorsaamheid aan God.

“Wetteloos?”

Dink u vir een oomblik dat Petrus van *verkeerswette* gepraat het? Natuurlik nie! Hy het van die *geestelike Wet van God gepraat* – die Tien Gebooië. Dit is duidelik dat God vooruit geweet het dat *valse leermeesters na vore* sou kom – net soos Petrus en Paulus herhaaldelik gewaarsku het – om mense te laat afwyk van 'n

lewensweg wat geskoei is op die Tien Gebooië, dit wat God beoog het, alle Christene moet volg. Nog 'n hele artikel sal nodig wees om duidelik Paulus se leringe te verduidelik. Paulus het egter konsekwent God se wette *gehoorsaam* – die weeklikse Sabbatte en die Heilige Dae onderhou – en *nooit een enkele maal* gesê dat God se geestelike Wet afgeskaf was nie! Andersins, sou hy *homself weerspreek* het toe hy in God se geïnspireerde Woord geskryf het: “Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die **onderhouding van die gebooië** van God” (1 Korinthiërs 7:19).

Die oorspronklike Apostels van Christus en die Jerusalem Kerk van God het die geïnspireerde “patroon” of **paradigma vir ware** Christelikheid vasgestel! Anders as die lasterlike Protestantse idees dat die apostel Paulus deur God gebruik was om Christelikheid “te herontwerp”, het die ware apostel Paulus van die Bybel voortdurend diepe respek vir die oorspronklike Apostels gehad en hom na die leierskap in Jerusalem gewend in alle belangrike sake (Galasiërs 2:1-2).

Soos die befaamde historikus, Edward Gibbon, geskryf het: “Die eerste vyftien biskoppe van Jerusalem was almal besnede Jode; en die gemeente waaroor hulle voorgesit het, het die wet van Moses verenig met die leerstelling van Christus. Dit was natuurlik dat die primitiewe tradisie van 'n kerk wat slegs veertig dae na Christus se dood

gestig was en wat vir omtrent net soveel jaar regeer was onder die onmiddellike toesig van Sy apostel, aanvaar sou word as die standaard van ortodoksheid. Die afgeleë kerke het hul baie dikwels beroep op die gesag van hul eerbiedwaardige Ouer” (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, hoofstuk 15, seksie 1, bl. 389).

Eerlikwaar, die “klein kuddetjie” (Lukas 12:32) – die ware Kerk van God – het *altyd* die noodsaaklikheid verstaan om sigself te skoei volgens die leringe en voorbeelde van Christus en die oorspronklike Apostels.

Baie min mense was egter ooit gewillig om waarlik vol te hou met hierdie basiese konsep van Christelikheid. Soos Professor Rufus M. Jones geskryf het – toe hy die aandag gevestig het op hoe die ware leringe van Christus gou losgemaak was van die godsdiens wat Sy naam dra:

“Indien Christus Self enigsins deur Sy latere volgelingen as die model en voorbeeld van die nuwe weg geneem was, en indien 'n **daadwerklike poging** aangewend was om Sy lewe en leerstellings as die standaard en norm vir die Kerk te stel, sou Christelikheid iets **HEELTEMAL ANDERS** gewees het as wat dit geword het. Dan sou “dwaalleer”, wat dit nie nou is nie, beteken het afdwaling van Sy weg, Sy leerstelling, Sy Gees, Sy Koninkryk ... Wat ons **in der daad** “Galiliese Christelikheid” kan noem, het 'n baie kort leeftyd gehad, alhoewel daar merkwaardige

pogings was om dit op te wek en te laat herleef, en daar hier en daar geestelike profete was wat volgehou het dat enigiets anders as die eenvoudige Galilese godsdiens in werklikheid “dwaalleer” was; het die hoofrigting van historiese ontwikkeling 'n ander koers ingeslaan en die klem heeltemal verskuif” (*The Church's Debt to Heretics*, Jones, 1924, bl. 15-16).

Wanneer enige instelling of samelewing die geestelike Wet van die Skepper en die geïnspireerde voorbeeld van Jesus Christus as die *absolute grondslag* van alle regte gedrag *verwerp*, is dit gedoem tot **mislukking!** Dit word al hoe meer duidelik namate ons Amerikaanse en Britse samelewings begin ineenstort – en die res van die wêreld toenemend in 'n tyd van chaos, oorlog en *algehele vernietiging* gedompel word, tensy God ingryp (Mattheüs 24:21-22).

As gevolg van hul geestelike blindheid en omdat so baie van hul leiers onwillig skyn te wees om werklik “vir iets te staan”, is miljoene Protestante gedoem om terug te keer na die groot “moederkerk”! Nogtans, soos Luther en die vroeëre Protestantse Hervormers duidelik besef het, is die Roomse kerk se grondslag **ook heeltemal onbybels!** Alhoewel Luther, Calvyn, Wesley en ander groot Protestantse leiers dit verstaan het, het hulle steeds 'n sekere mate van simpatie vir hul vorige geloof gehad – en was onwillig om te erken dat Rome dus in werklikheid baie

leerstellings wat *heeltemal teenstrydig* is met die leringe van die Bybel, bely. Protestantse leiers het dus *gekompromitteer* – soos hulle vandag nog in baie gevalle doen. Luther het gesê: “Niemand kan ontken dat ons al die dinge in ooreenstemming met die ou Kerk aanhang, glo, sing en bely nie, dat *ons niks daarin nuut maak of iets daartoe byvoeg* nie, op hierdie manier behoort ons aan die ou Kerk en is een daarmee” (Lindsay, *A History of the Reformation*, Vol. 1, bl. 468).

Deur hul eie verklarings word dit dus bewys dat die Protestante hulself eenvoudig beskou as 'n voortsetting van die *historiese Rooms-Katolieke Kerk*, maar onder 'n ander en veronderstelde “gesuiwerde” vorm. Luther het self vurig hul essensiële *eenheid* met die Rooms-Katolieke Kerk bevestig! Net so, met betrekking tot Johannes Calvyn, vertel die kerkhistorikus, George Park Fisher: “Hy het nie ontken dat die Christelike gemeenskappe wat die Pous erken, 'kerke van Christus' is nie ... Hy het heftig ontken dat hy hom onttrek het van die Kerk” (*History of Christian Doctrine*, bl. 304). Inderdaad, rakende die sigbare of *historiese Katolieke Kerk*, het Calvyn geskryf: “Omdat dit ons huidige oogmerk is om die *sigbare Kerk* te plesier, kan ons selfs die titel van *moeder* van haar leer, hoe nuttig en selfs noodsaaklik dit vir ons is om haar te ken!” (Schaff, *History of the Christian Church*, Vol. VIII, bl. 450).

Protestantse leiers se aandrang

op hul *basiese eenheid* met die Katolieke Kerk – en hul vereenselwiging met Rome as hul “moeder”-kerk – is *heel insiggewend!*

God identifiseer die Roomse Kerk

In vroeëre uitgawes van **Martin Luther se vertaling** van die Nuwe Testament is daar baie illustrasies wat die “Babilon” van die boek van Openbaring uitbeeld as die *Rooms-Katolieke Kerk*. Met die verduideliking van hierdie *interpretasie wat algemeen verstaan* was, sê historikus Roland Bainton aan ons: “Gevalle Babilon is duidelik Rome” (*Here I Stand*, bl. 258).

Ontelbare Protestantse boeke, pamflette en traktate maak vandag dieselfde identifikasie. **Hulle** brandmerk die Rooms-Katolieke Kerk as die “groot hoer” van Openbaring 17. Nogtans het die meeste van die “hooflyn” Protestantse denominasie skrywers opgehou met hierdie identifikasie. Hoekom? Hulle het in die verleentheid gekom deur die besef dat *hulle op hulself klik*, as “dogters” van daardie “hoer”!

Sal u kerk of u predikant na Rome terugkeer? In baie gevalle *kan dit baie gouer gebeur* as wat u mag dink! Ontslaglike groot magte is aan die werk om 'n “terugkeer na Rome” te bewerkstellig! 'n Opkomende “Dier”-moondheid in Europa is in sy beginstadium en 'n volgehoue gehamer op die noodsaaklikheid vir daardie nasies om “terug te keer na hul geestelike wortels”, word herhaaldelik

Vervolg op bladsy 15

Hier kom die son?

Deur John Meakin

Is die wydverspreide konsensus oor "aardverwarming" nou besig om weg te smelt?

"Wonderlike, wonderlike Kopenhagen ..." klink die populêre refrein wat eers deur Danny Kaye gesing was in sy film, *Hans Christian Andersen*.

Verlede Desember was die stemming in die Deense hoofstad nogtans **alles behalwe** wonderlik. Dreigende stormwolke van onenigheid, frustrasie en chaos het daarenteen die Verenigde Nasies geborgde Klimaatveranderingskonferensie omhul, waarvan so baie verwag was.

Terwyl hulle in vriesende temperature vergader het, met sneeu wat oral rondlê, het die teenwoordige afgevaardigdes geswoeg, geargumenteer en van mekaar verskil tot diep in die nag. Die konferensie was wyd verkondig as die "twaalf dae om die wêreld te red" van die veronderstelde gevare van mens-veroorsaakte klimaatsverandering – ook genoem **antropogeniese aardverwarming** (AAV). Hierdie veelgeroemde opvolging van die 1997 Kyoto konferensie het egter in bitterheid en teleurstelling geëindig. Dit het geheel en al *gefaal* om enige bindende, wettige, ooreenkoms aangaande die uitlating van koolsuurgas (CO₂) te bereik, waarvoor so baie mense gehoop het.

In plaas daarvan het die leiers vanuit Amerika, Brazilië, Suid-Afrika, Indië en China 'n

soort van ooreenkoms uitgewerk om die skyn te red, wat toe teensinnig deur die meeste ander nasies aanvaar is. Die ooreenkoms erken die belangrikheid om temperatuurstygings tot 2° Celsius te beperk, maar het geen doelwitte of sperdatums gestel nie. Lande het ingestem om vrywillig hul doelwitte bekend te maak om CO₂-uitlatings teen 2020 terug te sny, en het beloop om oor die komende jare finansiële steun aan ontwikkelende lande te verleen.

'n Gevestigde wetenskap – of nie?

Vir jare het hoofstroommedia en baie regeringsinstellings aangegaan asof die gevaar van antropogeniese aardverwarming (AAV), soos sommiges dit genoem het, 'n "gevestigde wetenskap" is. Meer skeptiese stemme word egter in die afgelope paar maande gehoor. Dus, wat is die gemiddelde aardbewoner veronderstel om te glo? Is ons almal gedoem? Sal ons braai, kook en onself verbrand in 'n dikkerwordende kombens van CO₂ wat deur onself veroorsaak word? Nader ons 'n CO₂-veroorsaakte einde van beskawing soos ons dit ken? Of kan die mensdom maar veilig voortgaan met ons huidige manier van hulpbronbenutting, sonder vrees dat ons ons planeet

daardeur beskadig?

Voorstanders van beide kante van die kwessie is gou om hul gunsteling bewyse te bevorder, terwyl hul die teenstellende data minimaliseer. Diegene wat AAV betwyfel, wys op onlangse temperatuurdata wat volgens hulle 'n verkoelingsperiode aandui, en betwis die vroeëre syfers wat 'n verwarmende neiging voorstel – hul betwyfel selfs die eerlikheid van die voormalige data-insameling. Terwyl hulle besig is om hul eie interpretasies van die data te hersien, gaan sommige van die mees-uitgesproke voorstanders van AAV nogtans voort om alle skeptici te demoniseer as onnosel of kwaadwillige mense wie se dwarstrekery sal lei tot die planeet se selfmoord.

Wat is die feite? Selfs terwyl die CO₂-vlakke in die atmosfeer bly styg het, stel baie verslae voor dat die aarde se temperatuur *opgehou het om te styg*, soos *verwag was*. Brittanje se Hadley-sentrum vir Klimaatsvoorspelling en Navorsing het vroeër 'n verhoging van 0.2°C in die temperatuur vir 1999 tot 2008 voorspel, maar sê nou dat die temperatuurneiging "stilgestaan" het – 'n neiging van 0.0°C – gedurende daardie jare. Dit is **nie** wat wetenskaplikes se noukeurig opgestelde rekenaar-modelle voorspel het nie. Party

wetenskaplikes kom tot die gevolgtrekking dat faktore anders as CO₂ – of moontlik *bykomend tot CO₂* – die klimaat bestuur. Tot onlangs het die wetenskap van aardverwarming temperatuurstygings stewig verbind aan die meetbare toename in atmosferiese CO₂. Weerlê onlangse data hierdie skakel, of beteken dit net eenvoudig dat ou modelle verfyn moet word?

Dit alles laat 'n sleutelvraag ontstaan: *Hoe “gevestig” is die wetenskap van klimaatsverandering?* Dit lyk of meer en meer waarnemers tot die gevolgtrekking kom: “Dit is nie so gevestig as wat ons gedink het nie!” Alle geloofwaardige wetenskaplikes stem saam dat daar oor siklusse van duisende jare natuurlike variasies in ons planeet se klimaat was. Daar is nogtans baie verskillende maniere om daardie variasies te meet.

Slegs in die laaste 300 jaar of so was daar genoeg mense betrokke in genoeg besoedelende aktiwiteite, om enige noemenswaardige uitwerking op die wêreldwye omgewing te hê. Alle voormalige siklusse van verwarming of afkoeling het plaasgevind sonder enige noemenswaardige menslike invloed. Watter “besoedelaar” identifiseer voorstanders van AAV dus as die hooforsaak van aardverwarming? Koolsuurgas – die natuurlike produk van menslike asemhaling!

Op watter basis het wetenskaplikes dan beslis dat

onlangse temperatuurverhogings deur menslike aktiwiteite veroorsaak is – en dat dit sal lei tot 'n omgewingsramp?

In 1988 het die Verenigde Nasies (VN) sy Tussenregeringspaneel oor Klimaatsverandering (TK) ingestel, wat gepoog het om die uitwerking van menslike aktiwiteite op die omgewing te kwantifiseer. Vir meer as 20 jaar het wetenskaplikes verbind aan die TK in relatief onbekendheid geswoeg, gemeet en klimaatsveranderings se data gerapporteer. Hierdie multinasionale groep het hul data en rekenaarmodel-skemas geheim gehou. Dit het daartoe gelei dat skeptici oor aardverwarming die agentskap daarvan beskuldig dat hulle probeer het om gesonde debat oor hul gevolgtrekkings te verhinder en dus toegelaat het dat openbare beleidsdoelwitte voorkeur geniet bo goeie wetenskap.

Soortgelyk aan ander agentskappe van die VN wat oor die jare gevind het dat hul gekritiseer word omdat hulle agenda voor feite stel, het die TK onlangs hul beurt gekry vir skeptiese openbare ondersoek. In November 2009, toe inteme eposse van die Klimatoriese Navorsingseenheid aan die Universiteit van Oos-Anglia aan die publiek uitgelek het, het baie mense die vrystelling as “*Climategate*” gedoop, te midde van wydverspreide aanklagte van arrogansie, agtelosige wetenskap en selfs openlike oneerlikheid in die manier waarop party van die TK-

wetenskaplikes die kwessie van aardverwarming benader het.

Nogtans, selfs nog voor die uitlekking van die eposse, het party mediabronne wat voorheen die TK se gevolgtrekkings soos 'n papegaai nagepraat het, begin om die TK-gedrewe konsensus te bevraagteken. 'n BBC aanlyn artikel op 9 Oktober 2009, het die vraag gevra: “Wat het van aardverwarming geword?” Met inagneming van onlangse bewyse van *afkoeling van die aarde* en die rol wat die oseane speel as “hitte pakhuis”, het die artikel die wetenskaplike teorie bespreek wat voorstel dat *invloede van die son* 'n groter rol kan speel as wat voorheen vermoed is. Indien dit waar is, is dit 'n *mees ongerieflike weerspreking* van Al Gore se ikoniese hokkiestokgrafiek wat aangetoon het dat die wêreld se temperature steeds hoër styg as gevolg van menslike aktiwiteite, namate hulle die toename in vlakke van industriële CO₂ weerspieël. In die werklike lewe vind daardie eens-opgehemelde teorie eenvoudig net nie plaas soos voorspel nie!

Nogtans sien die TK geen konflik tussen bewyse van afkoeling van die aarde en verdere verfyning van hul aardverwarmingsteorië nie! Tydens Leibniz se Instituut vir Mariene Wetenskappe navorsers, Mojib Latif, een van die wêreld se vooraanstaande klimaat-modelleerders, se erkenning dat ons in 'n periode mag wees van afkoeling van wêreldwye temperature wat nog

vir 'n verdere 10 tot 20 jaar kan voortduur, het hy ook volgehou dat as die neiging tot afkoeling eers oor is, ons planeet **w e e r e e n s** drastiese verwarming as gevolg van menslike aktiwiteite sal ervaar – wat volgens hom rampspoedige gevolge mag hê, *tensy ons nou optree*.

Verandering aan die kom vir klimaatsverandering?

Kan iemand wat nie 'n wetenskaplike is, ooit hoop om enigsins sin te maak uit al die teenstrydighede? Wanneer selfs 'n groterwordende getal wetenskaplikes buite die eng geleedere van TK-lede hul bedenkinge uitspreek oor die regsinnighede van aardverwarming, is dit geen wonder dat die gewone burger verward mag wees nie. Baie van hulle onthou nog steeds die 1970s, toe wetenskaplikes, net so driftig soos vandag s'n, na die data gekyk het en volgehou het dat 'n “nuwe Ystydperk” spoedig op ons sou wees.

Dit is maklik om te wonder of die “ortodoksie” van klimaatveranderingswetenskap moontlik 'n verrykende paradigma-verskuiwing mag nader. Daar is sekerlik onbeantwoorde vrae aan beide kante van die debat. Waarom is temperatuurneigings uit harmonie met stygende CO₂ vlakke? Het ander faktore wat misgekyk word, 'n meer kragtige uitwerking as CO₂? Is koolsuurgas werklik die skurk in die verhaal – by uitstek die dryfveer van aardverwarming? **K a n m o d e l l e v i r**

klimaatveranderinge meer akkuraat gemaak word? Kan die AAV-paradigma, gegrond rondom die CO₂-veroorzaakte temperatuurstygings, werklik *omvergegooi* word deur iets anders? Indien wel, wat sou daardie “iets anders” kon wees?

Groter getalle wetenskaplikes stel voor dat modelle vir gerekenariseerde klimaatsvoorspellings meer ag moet slaan op faktore soos die magnetiese interaksie van die son, verskuiwings van seestrome en hul temperatuursiklusse asook die terugvoering meganismes ten opsigte van dit wat by verre die mees volop en belangrikste kweekhuisgas in ons atmosfeer is – waterdamp, soos dit in wolke voorkom. Hierdie faktore werk saam om die uitwerking van stygende vlakke van CO₂ teen te werk. Al hierdie interaksies is besonder gekompliseerd en behoort meer volledig verstaan te word.

Die uitwerking van die son as die veroorsakende faktor van die *huidige* klimaatverandering is amptelik verwerp. 'n Oorweldigende magtige, politiekorrekte, omgewings en (veronderstelde) wetenskaplike konsensus kyk nie eens in daardie rigting nie. Hulle *wil glo die mensdom* is verantwoordelik! Dit maak vir hulle sin. By nadere betragting lyk dit meer en meer waarskynlik dat hierdie uitgangspunt net nie by aldiefeite inpas nie.

Selfs die hoogaangeskrewe nuustydskrif, *Economist*, in sy *World in 2010* uitgawe, voorspel dat die son wetenskaplikes mag

verras (bl. 153); dit het alles te doen met ons taamlik onvoldoende begrip van aktiwiteite van sonvlekke. Vanaf 1645 tot 1715, lank voor die industriële tydperk, was daar byvoorbeeld 'n periode van 70 jaar met besonder lae sonvlek-aktiwiteite, wat nou die Maunder Minimum genoem word, vernoem na die sonvlekdeskundige, Edward Maunder. Daardie periode het toevallig saamgeval met 'n tyd van besondere koue winters in die Noordelike Halfrond. Grafieke wat die aktiwiteite van sonvlekke met die aarde se temperature vergelyk, laat dit lyk of die twee nou verbonde is – baie meer so as wanneer CO₂ met temperature vergelyk word. Toevallig was onlangse sonvlek-aktiwiteite ook minimaal, aanduidend van sonverkoeling. Soos die *Economist* vooruitwetend waarsku: “Wat gebeur wanneer aardverwarming sonverkoeling ontmoet? Verwag 'n warmdebat”.

Baie op die spel vir die mensdom

Waarom is hierdie vurige debat so belangrik? Wel, oorweeg dat, volgens die Internasionale Energie Agentskap, die koste vir die mensdom om teen 2050 die CO₂-uitskeiding te halveer, in die omgewing van \$45 biljoen sal bedra, gelykstaande aan tweederdes van die wêreld se algehele jaarlikse ekonomiese opbrengs die afgelope jare. Wie gaan betaal vir hierdie ontsaglike groot poging om die

wêreld en sy komplekse netwerk van lewe te red van verbranding as gevolg van sy eie CO₂-uitskeidings? U en ek, en elke ander persoon. Ons sal almal swaarkry, met die armste lande wat potensieel die swaarste sal kry.

Indien CO₂ nie die probleem agter die huidige klimaatverandering is nie, sou 'n wêreld wat rasend word oor AAV, 'n ondenkbare groot bedrag geld spandeer het op iets wat moontlik voordelig sal inwerk op verskeie ander kwessies, maar geen noemenswaardige impak sal hê op die klimaat nie. Party mense sal dit beskryf as 'n kolossale dwaasheid!

Dit alles lei ons egter na iets baie meer diepgaande en selfs meer wisselend in die mengsel van faktore wat die veranderings in die klimaat en die weer affekteer. Daar is 'n ander sleutelrede om te glo dat die toekoms opvallend anders sal ontwikkel as wat dit deur die media uitgebeeld word.

Persone wat die *Wêreld van Môre* al vir 'n lang tyd lees, sal die *Bybelse perspektief* agter alles wat ons publiseer, besef. Ons volg 'n heeltemal ander paradigma en wêreldbeskouing wat nie goeie wetenskap verwerp nie, maar wat God altyd in die middelpunt van die prentjie hou. Hierdie perspektief het ook 'n verrykende *inpak op hoe ons die weer verstaan*, heeltemal onafhanklik van die gekonkel en vaaghede van klimaatwetenskap.

Die Bybel verklaar dat dit God is wat die hemele en die

aarde geskape het. Die heelal, met al sy astrale liggame en die wette wat hul bewegings in stand hou en beheer, was deur God Self in plek geplaas (Jesaja 40:25-26, 42:5). God het die aarde geskape en uiteindelik ook die ontsaglike onderling-verbinde netwerk van lewe wat dit onderhou (Genesis 1).

God het die mensdom geskape na Sy beeld en gelykenis vir 'n groot, voortreflike doel (Genesis 1:26-28; 2 Petrus 1:3-4). Baie belangrik, God het die aarde gevorm as 'n geskikte habitat om Sy doel in uit te werk en het ook *belowe* om dit in stand te hou, *sodat daardie doel volvoer kan word* (Jeremia 31:35-36, 33:20-21, 25-26; Genesis 1:14-18, 8:21-22, 9:9-17). Die verrassende werklikheid (omdat ons vergeet het of verkeerd ingelig was) is dat God in beheer is van die son en al die ander magte wat inbreuk kan maak op die aarde se klimaat.

Dit is God wat in beheer is van die weer (Jesaja 41:17-20)! Vir die regverdiges sal Sy seëninge gunstige weer insluit (Levitikus 26:3-5; Deuteronomium 28:12; Jesaja 43:19-21, 44:2-4). Vir die onregverdiges sal God verskeie middele, insluitende die weer, aanwend om hulle tot inkeer te bring en die mense terug te bring na Hom toe (Levitikus 26:19-20; Deuteronomium 28:22-24). Een van die groot uitbeeldings van Christus se duisendjarige heerskappy oor die aarde behels die mees verrykende veranderinge in die topografie

en klimaat, waar die woestyn sal "bloei soos 'n narsing" en "in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis" (Jesaja 35:1-2, 6). Dit alles impliseer verrykende veranderinge aan die weer.

God se mees fundamentele opdrag aan mense is om die aarde "te bewerk en te bewaak" (Genesis 2:15); om daarna om te sien, dit op te pas en nie daarvan misbruik te maak nie. Die mensdom het egter op verskeie maniere van God se doelwit afgedwaal. So besoedel, oor-ontgin en misbruik ons ons planeet met sy oorfloedige, maar nogtans beperkte hulpbronne. Ons leef op sedelose en vernietigende maniere, versplinter menslike verhoudings, maak oorlog, veg met mekaar en vertrap die lewensweg wat God wil hê ons moet bewandel.

Indien menslike handeling nou die oorsaak is van toenemende aardverwarming al dan nie, is daar eenvoudig geen verskoning vir al die besoedeling en die roekelose en onbeteuelde vernietiging van woude en natuurlike habitat wat die ryke biodiversiteit van lewe op ons planeet ernstig bedreig nie. Die vraag moet dus gevra word: Gegewe die realiteite van beperkte hulpbronne en die beperkings van menslike regeerings, kan 'n wêreldbevolking wat binnekort 7 miljard mense sal oorskrei, dit ooit verwag om vir elkeen te kan sorg met die opsigtelike verbruikerskultuur wat honderde miljoene mense in die Westerse nasies

nou as vanselfsprekend aanvaar? Is onregverdigheid onvermydelik? Moet die Weste se standarde moontlik verlaag word ten einde die lewenstandaard reg oor die aarde te laat styg?

Inderdaad, sal daar ooit genoeg energie, voldoende water, genoeg kos en genoeg van alles wees om die onversadigde aanspraak op hierdie hulpbronne te versadig? Sal wedywing om die skaars hulpbronne onafwendbaar lei tot meer botsings tussen en binne nasies (Mattheüs 24:7)?

Wat 'n mens se gevolgtrekking oor mens-veroorsaakte aardverwarming ook al mag wees, kan ons nie ontken dat, as geheel, ons samelewing die lewenswyse wat God vir ons gestel het, ignoreer en selfs verwerp het nie. Ons het God se Wet toenemend verwerp en het verkies om liever die wette van die wetenskap te eer as die enigste oplossing vir ons probleme. God noem daardie verwerping **sonde** (1 Johannes 3:4). Hy beveel ons almal om ons te bekeer, om ons te distansieer van ons sondige weë en om die regte weë wat Hy vir ons in Sy woord – die Bybel – uitstippel, aan te gryp. In plaas van om toegespits te wees op twyfelagtige “profesieë” van onvoldoende rekenaarmodelle, behoort ons meer aandag te gee aan die **gewisse** profesieë wat God in die Bybel openbaar het.

“Theogeniese” klimaatsverandering

Slegs 'n klein groepie mense wat Bybelprofesieë verstaan, erken die mees wesenlike faktor in ons planeet se onvoorspelbare weer en klimaatverandering. Ten einde mense te tug en te verootmoedig *gebruik God Self soms die weer* om hulle hul verkeerde weë te laat insien. Nee, dit beteken nie dat elke ongunstige weergebeurtenis of verskuiwing van die tektoniese plate God se straf op sondaars is nie. Daar is geen twyfel dat God die weer *kan gebruik*, en dit soms wel doen, om Sy regverdige mikpunt te bereik. Wanneer Hy dit wel doen, *sal selfs ons beste rekenaargebaseerde klimaatmodelle dit kan eien?* Nee, glad nie! Dit is heeltemal buite hul bestek. Nogtans is *sonde en wat God verkies om daaromtrent te doen*, in werklikheid 'n *noodsaaklike* sleutel om die weer en die uitwerking daarvan op die mensdom te verstaan.

U Bybel openbaar dat die menslike samelewing binnekort 'n tyd van allesverterende krisis sal bereik, waarin God sal moet ingryp om die toestand te red – om te verhoed dat die mensdom hulself vernietig. Alhoewel die mensdom sal voortgaan om te faal in hul pogings om ons grondliggende probleme sonder God op te los, openbaar die Skrif die wonderlike nuus dat Jesus Christus na die aarde **sal** terugkeer om die wêreldregerende Koninkryk van God te vestig (Mattheüs 24:3-13, 21-24, 29-31)! Die gebeure wat tot daardie tyd sal lei, sal die mees omvangryke en verrykende

weersveranderings behels wat mens jou kan indink, wat die rebelse mensdom sal verootmoedig en voorberei vir die vestiging van 'n nuwe tydperk van vrede en voorspoed onder die liefdevolle heerskappy van Jesus Christus, waar almal sal leer om volgens God se weg te lewe (Openbaring 6; 8). Die apostel Johannes beskryf een dramatiese stap in God se ingryping: “En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei. En die mense is *geskroei met 'n groot hitte*, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plaë, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie” (Openbaring 16:8-9).

Mense se powere invloed op hul omgewing sal na niks lyk in vergeleke met God se ontsaglike ingryping. Wat ook al die omvang van *antropogeniese* aardverwarming is, is dit hierdie invloed – mens kan dit *theogeniese* aardverwarming noem – wat die mensdom tot 'n amper ondenkbare graad gaan skud. Ons hoef nogtans nie te vrees nie – God belowe dat getroue Christene wat hul na Hom wend, beskerm sal word teen hierdie gebeure wat die mens se verstand te bowe gaan (Openbaring 7). U mag dalk nie in staat wees om deur u eie pogings die wêreld se temperatuur laer te stel nie, maar u kan u na God wend en u lewe ten beste verander – in hierdie lewe en vir alle ewigheid!

WvM

Londen Roep Gemenebes

Deur Rod King

Was die Britse Ryk niks meer as die tiranniese regering soos baie moderne historici ons wil wysmaak? Wat ook al geskryf is, feit bly staan dat die naimperiale organisasie wat daaruit voortgespruit het, 'n model is vir internasionale harmonie. Die Gemenebes van Nasies is nou 60 jaar oud en oorspan die aarde. Die son mag wel ondergegaan het oor die Britse Ryk, maar die opvolger daarvan is 'n ligbaken in 'n wêreld waar ander internasionale liggame dikwels gekortwiek word deur verdeeldheid.

Tans woon een-derde van die wêreld se bevolking binne die Gemenebes. Met 2.1 miljard mense in 54 lande, is dit die grootste internasionale organisasie benewens die Verenigde Nasies. Daar is verteenwoordigende lande van al ses bewoonde kontinente – en met Britse, Australiese en Nieu-Seelandse basisse in Antarktika, word al sewe kontinente verteenwoordig. Die klein Afrika landjie, Rwanda, was die laaste om toe te tree, tot so onlangs as November 2009.

Wat het die lidlande van die gemenebes in gemeen? Vir die meeste is dit die Engelse taal. Deur Engels te kon praat het aan die meeste burgers van Gemenebeslande toegang verleen tot die beste

tegnologiese en wetenskaplike inligting. Rekenaarkundiges vanuit die Indiese subkontinent het werk gevind in inligtingstegnologie reg oor die wêreld. Jong Australianers, Nieu-Seelanders en Suid-Afrikaners het na Londen gestroom waar hulle werksetiek waardeur word. Maleiers het werk reg oor die aarde gevind.

Wat is 'n Gemenebes?

Die woord “Gemenebes” dra 'n duidelike betekenis naamlik dat die rykdom van 'n land verdeel word onder al die mense. Die betekenis strek egter selfs verder as dit. Dit impliseer die voorreg van diegene wat binne die voordeel daarvan leef, om vryheid van spraak te beoefen en om ander regte van menswaardigheid te geniet.

Waar kom die woord “gemenebes (commonwealth)” vandaan? Dit was eerste in Engeland gebruik so vroeg as die 15de eeu, as twee woorde: “comen weal”. Dit kan die beste verstaan word as “algemene goed (common good)” en was aangeneem deur die Puriteine, gelei deur Oliver Cromwell as Beskermheer. Koning Charles 1 was deur die Engelse parlement onthoof as gevolg van sy aanspraak op “goddelike reg” om te regeer, wat teenstrydig was met die beginsels wat in

1215 in die Magna Carta verskans was. Dit het gelei tot die instelling van parlementêre regering, waarin die elfjaar-lange tussenregering wat vir 'n deel van die tyd die “Gemenebes (Commonwealth)” in Engeland genoem was. Na die “Glorieryke Revolusie” van 1688, het Willem en Maria die regte van die Engelse hoog gehou om hulself deur die parlement te laat regeer, terwyl hulle terselfdertyd aan die vors trougesweer het.

Die hedendaagse Gemenebes

Na die Tweede Wêreldoorlog is aan die meeste voormalige Britse kolonies selfregering verleen, en in die meeste gevalle was dit 'n vreedsame oordrag van mag. Die meeste van die nuwe leiers het vrywillig by die organisasie wat nou bekend staan as die Gemenebes van Nasies, aangesluit. Die naam was voorheen die Britse Gemenebes; dit het in 1931 tot stand gekom om voorsiening te maak vir die konsep van 'n groep van onafhanklike Anglo-Saksiese-Keltiese nasies wat 'n eenheid gevorm het in die gesagsgebied van die voormalige ryk.

Lidmaatskap tot die liggaam is vrywillig, maar vereis van lidlande om Koningin Elizabeth II as hoof van die Gemenebes te

erken. Elke nasie moet die beginsel van regverdige en openhartige regering deur vrye verkiesings ondersteun. Indien die liggaam bevind dat 'n medelidstaat polities teenstrydig met die “algemene voordeel” van sy burgers optree, kan lidmaatskap ingetrek word. Zimbabwe is tans geskors uit die Gemenebes. Sedert die staatsgreep in 2006, is Fiji ook buite die liggaam.

Wat is dit wat so 'n gees van toegeneentheid tussen die lede van die Gemenebes tot stand laat kom het? Ek het as 'n Australianer altyd 'n innige gevoel van eenheid ervaar met diegene wat ek oor die aarde heen ontmoet het. Waar mens ook al reis, neem dit nie lank voor mens iemand uit Sri-Lanka, Suid-Afrika of Engeland ontmoet nie. Die onderwerpe wat eerste opgehaal word, mag krieket of rugby wees, waar die tellings van die jongste wedstryde onthou mag word as geëerde mondelingse geskiedenis. Selfs kriekettoetse wat jare gelede gespeel was, kan onthou word, so asof dit belangrik is om te weet wie die “groties” in vervloë dae was. Daar is goedige humoristiese mededinging waar wen nie so belangrik is as broederlike respek nie.

Antieke oorspronge

Dit is fassinerend as mens verstaan dat die Bybel praat van hierdie broederskap van mense in ons tydvak, as gevolg van 'n insident wat meer as drie-en-'n-half duisend jaar gelede in Egipte plaasgevind het.

Persone wat die *Wêreld van Môre* al lank lees, sal bekend wees met die Bybel se verhaal wat ons in Genesis 48 lees. Hier vind ons die storie van Jakob (Israel) wat die twee seuns van Josef – Manasse en sy jonger broer, Efraim – seën. Josef het 'n regeringspos in Egipte bekleed – eintlik gelykstaande aan Eerste Minister onder Farao – en het sy vader Jakob gevra om die jongelinge te seën.

Jakob het sy arms uitgestrek, maar bewustelik sy arms gekruis sodat hy sy regterhand – wat 'n groter seën aandui – op Efraim, die jongere, kon plaas.

Dit het Josef verras en hy het probeer om sy vader reg te help sodat die groter seën op die eersgeborene Manasse geplaas kon word. “Maar sy vader weier en sê: Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy, en sý **nageslag sal 'n menigte van nasies word**” (Genesis 48:19).

Baie van Israel se seuns, wat bekend geraak het as die sogenaamde “tien verlore stamme”, het mettertyd langs verskillende roetes na dele van noordwes Europa en die Britse Eilande migreer. Die afstammelinge van Josef, wat hul hoofsaaklik in Engeland gevestig het, was bekend as Saksers – “seuns van Isak”.

Baie van Manasse se nageslag wat neffens hul broer Efraim gewoon het, het hoofsaaklik uit die ooste van Engeland weggevaar om dit wat

vandag bekend staan as die Verenigde State van Amerika, te koloniseer. Oostelike Engelse stede soos York, Boston, Cambridge en Lincoln het hul name verleen aan stede in die Amerikas.

Gedurende die laaste 300 jaar het groot getalle Britse setlaars ook oor die oseane gevaar en Nieu-Seeland, Australië en Suid-Afrika bevolk, waar hulle 'n “menigte van nasies” geword het.

Onder diegene wat hul in ander dele van die Britse Ryk gevestig het, is daar ook nakomelinge van Efraim. Dink maar aan die Engelse, Skotse, Ierse en Walliese name wat gegee is aan mense in die Karibies.

Sommige van hierdie mense kan hul wortels terugspeur, nie net na Afrika nie, maar ook na die Britse Eilande. Ras en kleur is nie 'n faktor vir lidmaatskap aan die Gemenebes nie. Die apostel Paulus het geskryf van die “gemenebes van Israel” (Efesiërs 2:11-13) as sou dit oop wees vir die nie-Jode, net soos vandag se Christene van alle agtergronde deel word van “geestelike Israel”. Net so sal 'n tyd spoedig kom – onder Jesus Christus se duisendjarige Vrederyk in die Koninkryk van God – wanneer elke afsonderlike nasie, met sy eie, individuele karaktereienskappe en sterk punte, verwelkom sal word as lid van die wêreldwye gemenebes van nasies.

Profesie vertel ons van 'n tyd wanneer God die spesiale talent van toekomstige Efraim

sal gebruik om Sy lewensweg uit te dra na die verafgeleë lande van die wêreld, wanneer Jesus Christus op die aarde sal regeer. Mens mag die woorde van “*Land of Hope and Glory*”, geskryf deur A. C. Benson in 1902, en getoonset deur Sir Edward Elgar, onthou:

“*Land of hope and glory,*

mother of the free,

How shall we extoll thee, who are born of thee?

Wider still and wider, shall thy bounds be set;

God who made thee mighty, make thee mightier yet”.

Om meer te leer oor die glorieryke Koninkryk van God wat Jesus Christus binnekort vir

alle mense van die aarde sal vestig, skryf aan die streekskantoor die naaste aan u (soos gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) of gaan aanlyn op www.wvm.co.za en bestel u gratis kopie van ons boekie: *Die Wêreld van Môre: Hoe sal dit daarna uitsien?* **WVM**

Vervolg vanaf bladsy 7 – Het Protestantisme gefaal?

gehoor.

Nogtans *het* God iewers op hierdie aarde *wel* ware predikers wat sal verkondig wat die Bybel werklik sê. Sy ware Kerk word in Lukas 12:32 die “klein kuddetjie” genoem. Dit is die Kerk wat volgens beskrywing in Openbaring 12, in die Donker Eeue na veiligheid moes “vlug”. Dit is die Kerk wat na 'n plek van veiligheid *op hierdie aarde*

geneem sal word teen die eindtyd (Openbaring 12:12-14). Maak dus seker dat u *u* Bybel *bestudeer* soos nooit tevore nie! Indien u belangstel om *baie meer* te leer oor wat met die Waarheid gebeur het – en wat die Waarheid van die Bybel eintlik is – maak verseker met ons kontak by die streekskantoor die naaste aan u (soos gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif), of gaan aanlyn

na www.wvm.co.za om u *gratis* kopie van ons kragtige boekie, *Hervestig die CHRISTENSKAP van die APOSTELS*, aan te vra. Hierdie insiggewende boekie sal u werklik help om die hele kwessie *volledig* te verstaan – moontlik meer as *enigiets wat u al gelees het*. Mag God u help om te **reageer** op die Waarheid wat Hy nou aan u openbaar, terwyl daar nog tyd is! **WVM**

Vervolg vanaf bladsy 22 – Ekonomiese ramp?

Hy vergelyk die Amerikaanse ekonomie met 'n “kaartehuis” – 'n ekonomie wat op 'n “valse fondament van skuldgefinansierde verbruik” gebou is (*The Little Book of Bull Moves in Bear Markets*, bl. xxxiii-xxxiv). Hy sê, vroeër of later sal nasies moet terugkeer na “spaar en produseer, eerder as leen en verbruik” (*ibid.*, bl. 20). Die boek van Haggai toon wat gebeur as mense nalaat om God se wil te doen: “... julle het baie gesaai, maar min ingebring; julle het geëet, maar nie tot versadiging nie; julle het gedrink, maar nie genoeg gekry nie; julle het jul geklee, maar nie warm geword

nie; en wie hom vir loon verhuur, verhuur hom om dit in 'n stukkeende beurs te steek” (Haggai 1:6). Saam met baie ander beleggingsadviseurs en waarnemers van ons ongesonde ekonomiese beleid, waarsku Schiff teen massiewe inflasie, namate die regering desperaat probeer om die onvermydelike af te weer deur altyd maar die geldvoorraad te vermeerder en die geldeenheid daardeur op te blaas (dus die waarde te verminder). “Die Amerikaanse dollar sal voortgaan om sy koopkrag te verloor solank die ekspansionistiese monetêre beleid, in 'n vergeefse poging om

ons verbruiker se gebaseerde ekonomie te laat herleef, verdere inflasie veroorsaak ... is die dollar op 'n duidelike pad na ineenstorting” (*ibid.*, bl. xxiv-xxv). Hy, soos baie ander beleggingsadviseurs, beveel aan dat welvaart bewaar word deur goud, handelsartikels en sekere soorte aandele te koop.

Wat gebeur volgende?

Terwyl ons voortsnel op 'n pad na ekonomiese ramp, is daar geen aanduiding dat ons verandering na 'n meer verantwoordelike manier van optrede nie. Waarlik, soos Schiff

Vervolg op bladsy 26

Hoop vir die toekoms!

Deur Richard F. Ames

Ons wêreld ly as gevolg van voortdurende ekonomiese en militêre probleme. Die bedreiging van kernoorlog, terrorisme, siekte-epidemies – en meer – mag veroorsaak dat u bedenkinge het oor u toekoms. Weet u dat u Bybel 'n nuwe wêreld belowe – in die nabye toekoms – waarin daar vrede en vreugde vir almal sal wees, asook 'n spesiale rol vir vandag se getroue Christene?

Oor die laaste honderd jaar het die mensdom twee wêreldoorloë verduur. Die Eerste Wêreldoorlog het uitgeloop op tien miljoen sterftes; die Tweede Wêreldoorlog het 55 miljoen sterftes gesien. Meer onlangs het die Westerse militêre bondgenootskappe voortgegaan om ongelukke te ly in Irak en Afganistan. Volksmoorde het miljoene lewens geëis onder die regerings van Nazi Duitsland en Kommunistiese Kambodja. Diktators, vanaf Stalin tot Mao, het miljoene van hul teenstanders vermoor. Die Midde-Ooste was nog altyd 'n "kruitvat" – Bybel profesieë dui aan dat dit so sal bly tot en met Jesus Christus se wederkoms, behalwe vir 'n kortstondige 3½ jaar tydelike "vrede" ná aan die einde van hierdie tydperk.

Kan die mensdom die wêreld se botsings, oorloë en probleme oplos? Teen die einde van die Eerste Wêreldoorlog het die Amerikaanse President Woodrow Wilson die Volkerebond voorgestel wat saam sou werk vir wêreldvrede. Daardie organisasie het gefaal, en na die Tweede Wêreldoorlog is die Verenigde Nasies in 1945 vir dieselfde doel saamgestel. Meer as 60 jaar later het sy 192 lidstate nog nie die weg na standhoudende wêreldvrede gevind nie.

Hoeveel jaar van vrede het die wêreld ervaar? Wanneer ons die wêreld se geskiedenis beskou, lyk dit of mense nog nie hul lesse geleer het nie. Historici Will en Ariel Durant het ons rekord van oorlog en vrede ondersoek en tot die gevolgtrekking gekom: "Gedurende die laaste 3,421 jaar van aangetekende geskiedenis, het slegs 268 jaar geen oorlog gesien het nie" (*The Lessons of History*, bl. 81).

Is daar hoop vir die mensdom? Aan die een kant openbaar Bybelse profesie 'n komende Derde Wêreldoorlog wat groot dele van die mensdom sal vernietig. Bybelse profesie gee ons egter ook hoop ná Armageddon! Kyk: "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mattheüs 24:21-22).

Ja, daardie dae sal verkort word! Die Redder van die wêreld, Jesus Christus, sal ingryp. Hy sal totale vernietiging van die aarde en alle lewe wat daarop is, voorkom. Daar is 'n nuwe wêreld aan die kom wat aan ons almal hoop en vertroosting bied. Een van die

m e e s b e m o e d i g e n d e Skrifgedeeltes is te vinde in Openbaring 11. Aan die einde van die profetiese tyd bekend as die Dag van die Here, gee God Almagtig hierdie ontsagwekkende aankondiging tydens die blaas van die sewende basuin: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15).

Hoe sal die nasies reageer op hierdie aankondiging? Sal hulle die Messias verwelkom? Let daarop: "En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf" (Openbaring 11:18).

Hoe verbasend! Die nasies sal die Messias, Jesus Christus, **nie** verwelkom nie. Hulle sal selfs probeer om met Sy Wederkoms teen Hom te veg. Die wêreld se leërs sal by Megiddo saamtrek vir wat algemeen "Die Slag van Armageddon" genoem word – maar wat u Bybel eintlik "die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God" noem

(Openbaring 16:14). Wie sal daardie oorlog wen? Die Skrif beskryf Christus se neerdaling na die aarde, vergesel van die heiliges – ware Christene – om te veg: “En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: **Die Koning van die konings en die Here van die here**” (Openbaring 19:14-16).

Diegene wat in hierdie klimaktiese geveg teen Christus veg, sal gedood word. “En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees” (Openbaring 19:19-21).

Ja, ons sien uit na die goeie nuus van Christus se wederkoms! Die Koning van die konings sal die vyande van vrede verslaan. Openbaring 20 beskryf hoe God voorbereidings tref vir 'n duisend jaar van vrede wat sal volg op Christus se

wederkoms. Satan die duiwel sal gebind en in die afgrond gewerp wees. Gedurende die Duisendjarige Vrederyk, terwyl Satan ingeperk is, sal hy nie langer in staat wees om die wêreld te mislei met valse godsdienste en afstootlike gebruike nie. Slaan ag: “En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moethy dan *'n kort tydjie ontbind word*” (Openbaring 20:1-3).

'n Nuwe wêreldorde

Die Millennium sal begin met 'n nuwe wêreldregering – 'n nuwe wêreldorde wat ewigdurende wêreldvrede sal meebring! Wat is egter daardie nuwe wêreldorde? Hoe sal die Millenniale regering georganiseer wees? Die nuwe wêreldregering sal bestuur word deur die Koning van die konings en die Here van die here, Jesus Christus. Neem kennis van hierdie belangrike feit: **Hy sal die heiliges, getroue Christene, aanstel om onder Hom te regeer.** “En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het

nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank” (Openbaring 20:4).

U Bybel openbaar die toekomst en dit waarborg 'n duisend jaar van wêreldvrede. Hoe sal daardie wêreld egter wees? Hoe sal die nuwe wêreldregering funksioneer? Hoe kan ons seker wees dat geslag na geslag groot vrede en voorspoed sal geniet?

Ten eerste, Christus, die Koning van die konings, sal die mag hê om nasies en individue van opstandigheid en oorlog te weerhou. Lees hierdie bemoedigende profesie: “En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimasse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jesaja 2:4).

Christus sal oorlogsugtige volke en nasies tereg wys. Die oorlogwapens sal omskep word in werktuie van vrede en produktiwiteit. Party van u het moontlik die beeld buite die gebou van die Verenigde Nasies in New York gesien, wat 'n man uitbeeld waar hy 'n swaard in 'n ploegskaar smee. Dink net hoe die wêreld verander sal word van vernietigende metodes na produktiewe metodes. Deesdae spandeer nasies miljarde rande aan oorlogwapens. Die *Wall Street Journal* se *MarketWatch* het hierdie hoofopskrif op 8 Junie 2009 vertoon: “Wêreldwye militêre uitgawes slaan 'n rekord in 2008. Amerika se oorloë in die

Midde-Ooste verhef die wêreld se top militêre kontrakteurs". Die artikel gaan voort: "Wêreldwye uitgawes aan militêre wapentuig en dienste het 'n rekord in 2008 bereik, aangedryf deur die Amerikaanse oorloë in Irak en Afganistan en aangehelp deur skerp stygings in die Chinese en Russiese verdedigingsbegrotings. Lande reg oor die wêreld het vir 2008 \$1.5 biljoen aan wapens, voertuie, intelligensie en spioenasie bestee, volgens 'n verslag Maandag van die Stockholm Internasionale Vredesnavorsingsinstituut, of SIVNI. Die bedrag verteenwoordig 'n 4% toename sedert 2007. Die jaar het 'vermeerderde bedreigings aan sekuriteit, stabiliteit en vrede om bykans elke hoek van die aarde gesien', het die Sweedse groep in hul verklaring gesê: 'Die uitwerking van die wêreldwye finansiële krisis sal waarskynlik hierdie uitdagings vererger, namate regerings en nie-regeringsorganisasies worstel om doeltreffend te reageer".

Die nasies van die wêreld is **nie** besig om te ontwapen nie. Hulle spandeer toenemend meer geld en hulpbronne aan militêre wapentuig en dienste. Hoe sal ons ooit vrede op hierdie aarde hê? Die goeie nuus is: Die Koning van die konings sal vrede tussen nasies afdwing. Hy sal daardie nasies en volke wat graag veg en doodmaak, bestraf. Dink aan die **biljoene** dollars wat spandeer word aan militêre wapens. In die Millennium sal mense daardie hulpbronne aanwend tot voordeel van nasies om

produktiwiteit en vrede te verbeter.

Vir duisende jare het fanatiese godsdienste en supermoondhede die strategieë van oorlog geleer. Die Messias, Jesus Christus, is egter die Prins van Vrede (Jesaja 9:6). Die nasies moet heropgelei word in die lewensweg wat vrede voortbring. Hulle moet die weg van **vrede** aanleer, nie die weg na **oorlog** nie.

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog het Generaal Douglas MacArthur sy aandag toegespits op die sleutel tot wêreldvrede. Aan boord van die U.S.S. Missouri, toe die Japannese formeel oorgegee het, het hy gewaarsku: "Ons het ons laaste kans gehad. Indien ons nie 'n groter en meer regverdige stelsel kan bedink nie, is Armageddon ons voorland. Die probleem is basies teologies van aard en behels 'n geestelike herlewing en verbetering van menslike karakter wat sal saamval met ons bykans weergalose vooruitgang in wetenskap, kuns, letterkunde en alle materiële en kulturele ontwikkeling van die afgelope twee duisend jaar. Dit moet van die gees wees as ons die vlees wil red".

Generaal MacArthur het duidelik besef dat 'n transformasie in die menslike karakter die sleutel is tot vrede tussen nasies. Hy het gesê: "Dit moet van die gees wees as ons die vlees wil red". Daardie verandering sal **slegs** kom wanneer die wêreld sy lesse geleer het. Die goeie nuus is: Daardie verandering van gees **sal** tydens die Millennium **kom**,

wanneer Jesus Christus die Koninkryk van God hier op aarde vestig. Dan, uiteindelik, sal ons mense begeer om volgens die Bybel en die Tien Gebooie te leef. U persoonlik, kan egter **vandag** die weg na vrede aanleer.

Konings en priesters

God is nou besig om Sy mense te roep om hulle op te lei as konings en priesters. Baie min belydende Christene verstaan egter vandag die glorieryke roeping en toekoms wat deur God voorberei word! Wat sal die heiliges – ware Christene – in die toekomstige Koninkryk doen? Slaan ag op hierdie lied van die heiliges: "U [Jesus Christus] is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers" (Openbaring 5:9-10).

Ja, God sal 'n regverdige regering op hierdie aarde vestig, en vandag se bekeerde Christene sal in daardie tyd Jesus Christus bystaan om daardie regering te administreer. Hoe sal dit wees? Lees hierdie bemoedigende profesie: "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom. En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in

sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem” (Miga 4:1-2).

Hier is wonderlike nuus. Nie baie jare van nou af nie, sal Jesus Christus terugkeer om 'n wêreld van oorlog, chaos en vleeslikheid te omskep in 'n wêreld van vrede, voorspoed, vervulling en vreugde! God se Koninkryk sal spoedig na hierdie aarde kom. Daar is hoop vir u en u gesin. Die Prins van Vrede sal onderrig gee in die weg van vrede en voorspoed. Jerusalem sal die hoofstad van die wêreld wees. “So sê die HERE: Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërskaar: Die heilige berg. So sê die HERE van die leërskaar: Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit – elkeen met sy stok in sy hand vanweë die veelheid van hulle dae. En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel” (Sagaria 8:3-5).

In plaas van stedelike geweld, bendemoorde en voortydige dood van kinders, sal gesinne veilig en in sekerheid lewe. Ouer mans en vrouens sal in vrede lewe en nie langer allerhande soorte mishandeling ondergaan nie. Plase sal floreer met onderhoubare landbou. Lees hierdie bemoedigende profesie: “Kyk, die dae kom, spreek die HERE, dat die ploëer die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaiër; en dat die berge van mos sal drup, en al die heuwels daarvan

oortloei sal wees. En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet. En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê die HERE jou God” (Amos 9:13-15).

Ons besoedelde planeet **sal** hernu word! U Bybel onthul ons glorieryke toekoms in baie profesieë. Hier is een bemoedigende beskrywing van ons hernude aarde onder Christus se liefdevolle regering: “Dis woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing; dit sal lustig bloei en juig, ja, met gejuig en gejubel; die heerlijkheid van die Libanon is aan hom gegee, die sieraad van Karmel en Saron; hulle dáár sal sien die heerlijkheid van die HERE, die sieraad van onse God ... Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis. En die gloeiende grond sal 'n waterplas word, en die dorsland fonteine van water; in die plek van die jakkalse waar hulle gelê en rus het, is gras met riete en biesies” (Jesaja 35:1-2, 6-7).

In God se toekomstige Koninkryk op aarde, sal Christus mense genees van al hul ongesteldhede. Onthou, toe Jesus die Evangelie van die Koninkryk van God verkondig het, het Hy duisende mense genees. Ons lees: “... en groot menigtes het Hom gevolg, en Hy het hulle **almal gesond**

gemaak” (Mattheüs 12:15). Jesaja sê aan ons: “Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis” (Jesaja 35:5-6).

Daar is hoop vir die toekoms van die wêreld – en daar is hoop vir **u** toekoms! Vandag se getroue Christene, die ware heiliges, sal in die eerste opstanding wees om Christus te help om oor die wêreld te heers. Hulle sal die Millennium van wêreldvrede inlui. Die glorieryke Koninkryk van God op aarde sal skoonheid en produktiwiteit voortbring, soos wat die wêreld nog nooit geken het nie. In die Millennium sal God Sy kennis tot almal se beskikking stel – anders as in ons huidige tydperk waarin slegs relatief min van al die miljarde mense op aarde Sy ware Evangelie verstaan, wat as 'n getuigenis *gepreek* word (Mattheüs 24:14). Terwyl hulle saam met Jesus Christus werk, sal vandag se getroue Christene hul Redder bystaan om die wêreld voor te berei vir die toekomstige “Groot Wit Troon Oordeel” – waarin almal wat nog nooit voorheen die ware Evangelie gehoor het nie, hul eerste geleentheid sal kry om God se lewensweg aan te leer en uit te leef!

Mag God die koms van Sy Koninkryk bespoedig! Dit **sal** spoedig kom! U behoort te bid: “Laat U Koninkryk kom!” U behoort op die uitkyk te wees vir profetiese tendense en tekens wat Christus se wederkoms aankondig! **WvM**

Op pad na 'n ekonomiese ramp?

Deur Rod Reymolds

Die huidige ekonomiese krisis het pyn in die lewens van ontelbare miljoene mense in Amerika en oor die wêreld gebring. Met soveel onsekerheid egter in die lug, kan ons 'n vinnige herstel verwag – of nog 'n sprong in selfs 'n dieper ekonomiese verknorsing? Wat sê u Bybel?

Vandag se nuusberigte is vol van ekonomiese agteruitgang. Joernaliste en gerespekteerde ekonome sê ons is in, soos die *New York Times* se rubriekskrywer Paul Krugman dit onlangs gestel het, “die ergste finansiële krisis sedert die Groot Depressie” (“*Bankers without a Clue*”, 14 Januarie 2010).

Sedert die resessie in Desember 2007 begin het, het meer as 7.2 miljoen werkers in Amerika hul werk verloor (*Bloomberg News*, 21 Januarie 2010). Aandele se pryse het geval, waarvan hulle nog nie weer herstel het nie; die *Standard & Poor 500* se aandele-indeks het 'n laagtepunt van 666.69 in Maart 2009 bereik – minder as die helfte van hul Oktober 2007 se hoogste waarde. Aandele het nogtans van hul laagtepunte begin styg en party ekonome sê dat die resessie teen die einde van 2009 tegnies geëindig het.

Dus, wat gaan aan? Het Amerika se ekonomie begin herstel? Of is daar nog problematiese tendense in plek wat onderliggende probleme openbaar in 'n ekonomie op die pad na ineenstorting? Namate China en Europa ekonomiese mag bekom, wat gaan met Amerika, as die wêreld se

finansiële “masjienkamer”, gebeur? Is Amerika se dae van uitnemendheid ná aan sy einde? Wat gaan dit vir die res van die wêreld beteken?

Hoe het ons hier gekom?

Om die toekoms te kan verstaan, moet ons eers na die verlede kyk. Die meeste mense neem nou die mag en invloed van Amerika en die nasies van Britse afkoms in die wêreld-ekonomie as vanselfsprekend aan. Dit was egter nie altyd so nie. Hoe het die Engelssprekende volke dan die wêreld se welvarendste nasies geword – en wat dui die Skrif aan, is die uiteindelijke lot van hierdie nasies se ekonomie?

Voor die jaar 1800 was Amerika maar een van baie nasies wat gewedywer het om invloed op die wêreldverhoog. Brittanje het sy 13 kolonies aan die ooskus van Noord-Amerika verloor en was diep in die skuld. Die Spaanse Ryk het meer grondgebied gehad as Brittanje. In Europa was Frankryk op die punt om heerskappy te behaal.

Nogtans, in 'n baie kort tyd wat rondom 1800 begin het, het die gety gedraai en die grootste wêreldryk in geskiedenis het so te sê in Groot Brittanje “se skoot geval”. Nadat dit op sy grootste

was, het omtrent 'n kwart van die wêreld se landoppervlakte – en 'n soortgelyke verhouding van die wêreld se bevolking – onder die heerskappy van die Britse Ryk geval.

Byna gelyktydig het die Industriële Rewolusie in Groot Brittanje begin, wat aan die nasie rykdom, hulpbronne en werktuie gegee het om regdeur die 19de eeu en tot diep in die 20ste eeu, die oorheersende wêreldmag te word. Op sy kruin het die Britse Ryk omtrent al die wêreld se seepoorte besit, uitgesonderd dié wat deur Amerika beheer was. Wat vir eeue slegs 'n klein eilandnatie was, het die wêreld se magtigste en invloedrykste – maar ook rykste – nasie geword. Londen, die hoofstad, het die finansiële en handelshoofstad van die wêreld geword.

Selfs terwyl Brittanje na wêreldvoorrang gestyg het, het haar voormalige Amerikaanse kolonies tot 'n groot moondheid ontluik. Die 19de eeu het gesien hoe die Verenigde State Noord-Amerika oorspan, ekonomiese en militêre mag opbou en teen die Eerste Wêreldoorlog kon hulle Europa as 'n sentrum van wêreldmag uitdaag. Teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog het Amerika meer

vervaardigde goedere geproduseer as al die ander nasies saam. Die dollar was die wêreld se belangrikste reserwe geldeenheid, gerugsteun deur goud, en was sterk in aanvraag. Die Amerikaanse Tesourie het meer as 60% van die wêreld se geldreserwes besit en 65% van die wêreld se goudreserwes.

Na die Tweede Wêreldoorlog het Amerika en Brittanje saam die wêreld oorheers in feitlik elke belangrike gebied van welvaart en produktiwiteit. Ekonomiese bedrywigheede in Amerika het floreer, werkloosheid was laag, rentekoerse op spaargeld was positief, persoonlike inkomste het gestyg, inflasie was onder beheer, rentekoerse was redelik en die handelsbalans het groot oorskotte getoon.

Hoe het dit gebeur? Was dit as gevolg van die vernuf van die Amerikaanse en Britse volke? Of was daar 'n ander faktor wat aanleiding gegee het tot die verstommende opkoms van hierdie twee broer-nasies, tot 'n vlak van mag en welvaart ongeëwenaard in die wêreld se geskiedenis? God het die Israeliete gekies om "n volk vir Homself" te wees, nie omdat hulle die grootste was nie – nóg in getal, nóg op enige ander manier – maar omdat Hy hulle liefgehad het en "die eed gehou het wat Hy ... gesweer het" aan die voorvaders Abraham, Isak en Jakob (Deuteronomium 7:6-8).

God het aan Abraham beloof dat hy die vader sou wees van vele uitsonderlik vrugbare

nasies (Genesis 17:4, 6). Abraham het God gehoorsaam en hierdie seën was oorgedra aan sy seun Isak (Genesis 26:3). Die seën was weer oorgedra aan Isak se seun Jakob (ook bekend as Israel). Jakob se afstammeling sou "uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide", so veelvuldig soos die "stof van die aarde" (Genesis 28:13-14). In effek sou Abraham se nageslag die aarde beërwe (Romeine 4:13). Dit beteken hulle sou die oorheersende invloed hê en die keurigste dele gegee word (vgl. Deuteronomium 32:10-14). Hierdie seën was oorgedra aan Josef se twee seuns Efraim en Manasse, wat saam Josef se dubbele gedeelte gedeel het (Genesis 48:15-16, 19-20, 22; 49:22-26).

Nadat God Israel uit Egipte uitgelei het, het Hy die seëninge wat Hy aan Abraham se nakomeling beloof het, deel gemaak van die verbond wat by die berg Sinaï gesluit was. God het die seëninge belowe vir gehoorsaamheid (Deuteronomium 28:1-6, 8, 11-13). Hy het egter gewaarsku dat, indien Israel sou volhard in ongehoorsaamheid, die nasie sewevoudig ["seven times"] gestraf sou word (Levitikus 26:14-25). In Bybelse profesie is 'n "time" gelykstaande aan 'n jaar (vergelyk Daniël 7:25, 12:7; Openbaring 12:14, 17, 13:5, 7) of te wel 360 dae, en op die "dag vir 'n jaar" beginsel (Esegiël 4:4-6) kan "seven times" [sewevoudig] wel 'n tydperk van 2,520 jaar van straf wees –

waartydens die beloofde seëninge uitgestel sou word.

Seëninge uitgestel en verkwis

As gevolg van ongehoorsaamheid het antieke Israel in 721 v.C. in ballingskap gegaan en het God Israel "van Sy aangesig verwyder" (2 Konings 17:23). Dit beteken dat dit teen ongeveer 1800 n.C. – 2,520 jaar later – sou wees voor God Sy beloftes **gestand sou doen** en weer aan Israel guns sou verleen en die seëninge van Abraham sou herstel. Watter wêreldveranderende dinge het op presies daardie tyd gebeur? Dit is die tyd toe Brittanje en Amerika – hedendaagse nakomeling van antieke Efraim en Manasse – vinnig opgang gemaak het en wêreldoorheersing ten opsigte van mag en welvaart verkry het.

God het nogtans die Israeliete gewaarsku om Hom nie te vergeet in hul tyd van voorspoed nie (Deuteronomium 8:10-20). Hy het gewaarsku dat, indien hulle aan Hom ongehoorsaam sou wees, Hy Sy seëninge van hullesal wegneem (Deuteronomium 28:15-20, 43-53, 63, 68).

Hoe het Amerika God se seëninge hanteer? Terwyl hulle eens die wêreld se grootste krediteurnasie was, het Amerika, sedert die Tweede Wêreldoorlog, die wêreld se grootste skuldenaar geword. Omdat hulle nie meer die wêreld se grootste uitvoerder van goedere en dienste is nie, ervaar Amerika al vir jare voortdurend

handelstekorte. Beide Duitsland en China voer nou meer vervaardigde goedere uit as Amerika. Die gesamentlike handelsware uitvoer van slegs drie van die leidende EU-lande – Duitsland, Frankryk en Italië, is meer as **dubbel** die handelsuitvoer van Amerika. Die Amerikaanse handelstekort in 2006 was meer as \$817 miljard. Soos analis Craig Harrington opgemerk het: “Geen ander land in die geskiedenis het al ooit 'n handelstekort so groot as dié van Amerika as 'n persentasie van die BBP of in totale dollarwaarde gehad, sonder om 'n groot ineenstorting te ervaar nie” (*Examining the Trade Deficit*, 10 Desember 2009, www.economyincrisis.org).

Die Amerikaanse tekort op sy lopende rekening in 2007 was by verre die grootste van enige nasie op aarde, teen 'n skokkende \$747 miljard. In teenstelling daarmee het China 'n oorskot op sy lopende rekening van \$363 miljard. In die afgelope jare het Amerika dikwels 'n negatiewe spaarkoers gehad, wat beteken dat mense meer spandeer as wat hulle verdien het. Vir 'n paar dekades nou al het Amerikaanse ekonomiese uitbreiding berus op 'n nie-volhoubare siklus van leen en spandeer van verbruikersgoedere. Amerika se buitelandse geldeenheid-reserwes het gekrimp van 60% tot ongeveer 1% van die wêreld se reserwes – laer as Libië, Pole en Turkye. Amerika het meer as \$12 biljoen in nasionale skuld opgehoop (meer as \$39,000 vir

elke landsburger) met omtrent, \$2 biljoen bygevoeg net in 2009. Amerikaanse skuldenaars skuld ook bykans \$1 biljoen aan kredietkaarskuld en ongeveer \$14 biljoen aan ander lande. Tesame skuld Amerika en Brittanje ongeveer **40% van die totale eksterne skuld** van al die nasies van die wêreld. Amerika hou ook groot onbefondste verpligtinge, insluitende Maatskaplike Welsyn en Mediese Sorg, wat deur verskillende bronne geskat word op tussen \$55 biljoen tot meer as \$106 biljoen. Indien 'n wet op gesondheidsorg deur die Huis van Verteenwoordigers en die Senaat aanvaar word, sal hierdie verpligtinge nog verder die hoogte inskiet!

'n Gevolg van so 'n ontsaglike groot skuld is dat buitelanders wat dollars hou, dit meer en meer gebruik om Amerikaanse maatskappye en vaste eiendom te koop, of om dit te “dump” ten gunste van goud of ander bates wat meer betroubaar is. Soos God gewaarsku het, is Amerikaners vinnig besig om die “stert” te word, selfs binne hul eie grense, terwyl ander nasies in hulle plek ekonomiese mag en invloed bekom. “Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak. Hy sal aan jou leen, maar jý sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees” (Deuteronomium 28:43-44). Dwase ekonomiese beleid sal dié antieke beginsel beklemtoon: “Die ryke heers oor die armes, en hy wat leen, is 'n

slaaf van die man wat uitleen” (Spreuke 22:7).

Ontleder Harrington het geskryf: “In die tien jaar tot 2004, het die verhouding Amerikaanse korporatiewe effekte wat deur uitlanders besit word, gegroei van 6% tot 12%. In die geval van Amerikaanse korporatiewe verbande het die verhouding toegeneem van 12% tot 24% en in die geval van Amerikaanse skatkisobligasies, van 18% tot 43%. Asof dit nie ontstellend genoeg was nie, oorweeg ook die volgende feit: In die geval van baie van hulle korporatiewe beleggings, spits uitlanders hulle daarop toe om beheer te verkry oor sleutel “wurgpunt” tegnologië, soos byvoorbeeld daardie wat nodig is om gevorderde wapens, vliegtuie en rekenaars te vervaardig” (*Examining the Trade Deficit*, 10 Desember 2009, www.economyincrisis.org).

In die vroeë 2007 het beleggingsadviseur Peter D. Schiff 'n boek gepubliseer (*Crash Proof: The Coming Economic Collapse*) waarin hy die ineenstorting van die sub-prima huisverbandmark voorspel het asook dat die ineenstorting sou uitbrei na die algemene huisverbandmark en dan 'n wye ekonomiese kredietkrisis sou word. Dit is presies watin 2008 gebeur het.

In 'n meer onlangse boek sê dieselfde skrywer dat die leen-en-spandeer ekonomie nie volhoubaar kan wees nie en dat die Verenigde State uiteindelik afstuur op hiperinflasie en ekonomiese ineenstorting.

Vervolg op bladsy 15

Vrae & Antwoorde

VRAAG: Ek het in my Bybel gesoek vir bewyse vir “Goeie Vrydag” wat my Kerk onderhou, maar ek kon dit nie vind nie. Wat sien ek nie raak nie?

ANTWOORD: U behoort geprys te word vir u noukeurige bestudering van die Skrif! Die Bybel openbaar wel wat Jesus gedoen het die Vrydag voor Sy opstanding – maar die waarheid is **nie** wat die meeste belydende Christene vandag glo nie!

Ons weet, volgens die Bybel, dat Christus drie volle dae en nagte – 72 uur – in die graf deurgebring het. Hy moes dit doen ten einde die Bybelse teken van Jona te kon volbring, net soos Hy aan die skrifgeleerdes en Fariseërs verkondig het. “Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees” (Mattheüs 12:39-40).

Hierdie feit op sigself bewys dat die Goeie Vrydag tot Paassondag kronologie wat algemeen aanvaar word, nie korrek kan wees nie, aangesien 'n Vrydag namiddag kruisiging Jesus in die graf sou hou tot Maandag namiddag.

Wanneer, volgens die Bybel, het Christus opgestaan? Lees hierdie verslag: “En op die eerste dag van die week kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was. Sy hardloop toe en kom by Simon Petrus en by die ander dissipel vir wie Jesus liefgehad het, en sê vir hulle: Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie” (Johannes 20:1-2).

Haar besoek op die “eerste dag van die week” beteken dat Maria Magdalena vroeg, in die nagtelike ure ná die Sabbat – voordat die son op die Sondag opgekom het – na die graf van Christus gegaan het en gevind het dat Jesus nie in die graf was nie. Dus, as ons 72 uur terug tel, is daar geen manier waarop Jesus op die Vrydag gekruisig kon gewees het nie!

Die Skrif openbaar dat Jesus ongeveer 15h00 gesterf het (Mattheüs 27:46-50). Die Evangelie van Johannes gee aan ons nog 'n beslissende

detail oor wat gebeur het onmiddellik na Sy afsterwe. Ons lees: “En dat die liggeme nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was – want die dag van daardie sabbat was groot – het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word” (Johannes 19:31).

Die “Voorbereidingsdag” is die dag voor die Sabbat, wanneer al die take verrig word in afwagting op die komende Sabbatrus van werksdag aktiwiteite. Ons het egter alreeds gesien dat Vrydag nie die dag van Christus se dood kon wees nie, aangesien Hy reeds 72 uur dood moes wees voor die einde van die sewende dag van die week! Is dit 'n moontlike teenstrydigheid in die Skrif? Nee! Lees die beskrywing dat die komende Sabbat, 'n “groot dag” was. Dit is 'n verwysing na een van die “jaarlikse Sabbatte” (Levitikus 23:6-36). Christus was gekruisig in die ure wat die Eerste Dag van die Dae van Ongesuurde Brode direk voorafgegaan het (vers 6).

Ons weet dus uit die Skrif dat Jesus Christus begrawe was kort voor sonder, voordat die Eerste Dag van die Dae van Ongesuurde Brode begin het. Ons weet dat Hy 72 uur later, voordat die eerste dag van die week begin het, opgestaan het. Dit beteken dat Hy opgestaan het ná aan die einde van die weeklikse sewende dag Sabbat. Sy kruisiging moes dus op 'n Woensdag gewees het – nie op “Goeie Vrydag” soos baie mense nou glo nie. Op “Goeie Vrydag” was Jesus dood en in die graf, ter vervulling van profesie.

Kerke wat vashou aan die Goeie Vrydag en Paas Sondag tradisies, ontken nie net die duidelike woorde van die Bybel nie, maar ook die ware teken van Sy Messiasskap wat Jesus gegee het. Indien u 'n Messias aanbid wat opgestaan het op Sondag na 36 ure in die graf, dan aanbid u nie die ware Jesus Christus van die Bybel nie, maar eerder 'n vervalsing deur mense wat die aandag wil aflei van God en Sy Waarheid. Om meer te leer oor baie valse leringe wat in die naam van “Christelikheid” bevorder word, vra asseblief vir u gratis kopie van ons boekie, *Satan se vervalste Christendom*. **WvM**

Profesie neem

Skuld, Ongehoorsaamheid en Ondergang van Nasies

Twee van die magtigste en invloedrykste nasies in die geskiedenis van die wêreld – Groot Brittanje en die Verenigde State van Amerika, steier op die rand van ekonomiese ineenstorting en nasionale ondergang. Hierdie onheilspellende toestande kan toegeskryf word aan die gebrek aan finansiële dissipline wat voortvloei uit sedelike verval. Terwyl baie mense vandag die idees van die wêreld se intellektueles absorbeer dat God nie bestaan nie en dat die Bybel niks meer as 'n versameling mites en fabels is nie, het antieke Bybelse profesieë lankal hierdie ontnugterende verwickelinge voorspel wat *vandag besig is om gestalte aan te neem* – reg voor ons oë!

Snelle opgang na en dramatiese afname in beroemdheid

Die afgelope 250 jaar getuig van die merkwaardige gedaanteverwisselings van die Engelse en Amerikaanse nasies. Engeland, 'n klein eiland geleë aan die kant van die Europese vasteland, het 'n seemoondheid geword wat die seeroetes van die wêreld beheer het en het 'n ryk saamgestel wat die aardbol omgord. Londen het die finansiële hoofstad van die wêreld geword, en die Britse pond het een van die sterkste geldeenhede op hierdie planeet geword. Gedurende hierdie uitbreidende eeue was wat ook al Brits was, beskou as die beste! Ongeveer hierdie selfde tyd het die nedersetters van die oorspronklike dertien kolonies, tesame met duisende

immigrante vanuit Europa, oor die Noord Amerikaanse vasteland versprei om die Verenigde State van Amerika te word – en uiteindelik die mees magtigste nasie wat die wêreld ooit gesien het. Die Amerikaanse dollar het opperheerskappy gevoer tussen die wêreld se geldeenhede. Amerikaanse finansiële bronne het die einste nasies wat deur die geallieerde magte in die Tweede Wêreldoorlog verslaan is, weer help opbou, en die Amerikaanse kultuur het die wêreld deurtrek.

Gedurende die afgelope paar dekades het dit alles egter dramaties verander! Die Britse Ryk het verbrokkel, en die Koninklike Vloot is afgeskaal tot 'n klein fraksie van sy vorige grootte weens besnoeiings aan die begroting (*The Times*, 4 Januarie 2010). Vandag is die Britse pond, die Britse banke en die Britse ekonomie in die moeilikheid en waarnemers waarsku dit kan “Brittanje se mag op die internasionale verhoog verswak” (*Daily Express*, 8 Desember 2009). In die afgelope maande het vreemde nasies probeer om die Londense Aandelebeurs te koop, en die EU se nuwe Franse finansiële amptenaar is by magte om regulasies op die Stad van Londen te lê wat finansiële dienste uit Brittanje kan dryf (*The Times*, 2 Desember 2009).

Amerika het terselfdertyd die teiken van wreuel geword omdat hulle Irak binnegeval en die oorlog in Afganistan uitgebrei het. Buitelandse nasies blameer die inhalige buitensporighede en kortsigtige praktyke van die Amerikaanse finansiële

instellings daarvoor dat die wêreld se ekonomiese stelsel byna ineengestort het. Oor die laaste 25 jaar het Amerika se status gedaal van die wêreld se grootste uitlener na die *wêreld se grootste skuldernaasie*. Verlede September was Chinese beleggers in besit van \$789.9 miljard Amerikaanse skatkisnote, terwyl Japannese beleggers \$751.5 miljard gehou het – wat hierdie twee nasies die grootste besitters van Amerikaanse skatkisnote maak, ver meer as Groot Brittanje wat die derde plek inneem met \$249.3 miljard! Hierdie Amerikaanse skuld was aangegaan om oorloë in die Midde-Ooste en Sentraal-Asië te finansier, asook om vir die staat se gesondheidsorg te betaal en vir ander regeringsuitgawes wat die jaarlikse inkomstebelasting oorskry asook vir groot handelstekorte wat opgehoop word sodat Amerikaners bo hulle vermoëns kan leef – alles met die goedkeuring van lede van die Kongres en presidente wat tevrede was om geld van ander nasies te leen om die Amerikaanse ekonomie aan die gang te hou en stemme te koop om weer verkies te word!

Maak Alarm!

Die dag van rekenskap is egter aan die kom! China, wat Amerika se skuld gekoop het, het dit duidelik gemaak dat Amerika se roekelose spandabelrigheid nie kan voortgaan – ten koste van China – nie. China het ook begin om van dollars ontslae te raak en goud te koop. 'n Vorige

gestalte aan

Amerikaanse beampte van die Tesourie, Fred Bergsten, het gewaarsku dat die Amerikaanse skuld besig is om te groei tot *onbeheerbare vlakke* en dat *die Amerikaanse ekonomie ineen kan stort* as buitelandse beleggers hul van die dollar onttrek. Bergsten is van mening dat Amerika se lot “alreeds in die hande van sy buitelandse krediteure is” en dit sal Amerika se vermoë beperk om die ekonomiese en buitelandse beleid van sy eie keuse te volg (*Foreign Affairs*, Nov-Des 2009). Selfs meer ontnugterend is die skatting van Niall Ferguson, 'n Brits-gebore professor in ekonomie wat nou onderrig gee by Harvard Universiteit. Hy waarsku in die tydskrif *Newsweek* se uitgawe van 7 Desember 2009 dat “stygende skuld, stadige groei en hoë besteding *ryke vernietig – en Amerika kan volgende wees*”. Hy gaan voort: “Dit is hoe ryke verval. Dit begin met 'n skuld ontploffing. Dit eindig met 'n onverbiddelelike inkorting van die hulpmiddels wat beskikbaar is vir die Weermag, die Vloot en die Lugmag” – wat stadig en onherroeplik die vermoë van skuldenaar nasies beperk om mag op die wêreldverhoog te projekteer. Nogtans is dit wat besig is om vandag met Amerika en Brittanje te gebeur; andere sien hulle as *nasies wat besig is om ten gronde te gaan! Waarom is dit egter besig om vandag met Amerika en Brittanje te gebeur?*

Profesieë neem gestalte aan!

Dit lyk of min ekonome daarin belangstel om te erken dat die dekades van toenemende skuld ook getuig van

verontrustende tekens van toenemende sedelike verval: Stygende egskeidings, toename in die gebruik van verdowingsmiddels, toenemende aanvaarding van homoseksuele gedrag en huwelike tussen lede van dieselfde seksuele geslag, 'n groter wordende gaping tussen die oormatige ryk en die spartelende armes en wetlike sanksies teen gebed in skole, die lees van die Bybel en die vertoning van die Tien Gebooe in openbare geboue. Baie politieke en selfs geestelike leiers “verbind nie die kolletjies” tussen dit wat aan die gebeur is in ons hedendaagse wêreldlike samelewing en die profetiese waarskuwings in die Bybel, wat toegespits is op die hedendaagse Israelitiese nasies nie. Die wyse Koning Salomo het lank gelede opgemerk: “Die ryke heers oor die armes, en hy wat leen, *is 'n slaaf van die man wat uitleen*” (Spreuke 22:7) – 'n kragtige beginsel wat Amerikaners en ander Israelitiese nasies blykbaar vergeet het.

Moses het selfs vroeër aan die twaalf stamme van die nasie van Israel gesê dat hulle ryklik geseën sal word indien hulle die gebooe van God onderhou, maar hy het ook gewaarsku dat hulle ernstige gevolge sal maai indien hulle nie aan hulle Skepper en Here gehoorsaam is nie (sien Levitikus 26; Deuteronomium 28). *Die seëninge vir gehoorsaamheid* sluit in: “... jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie” (Deuteronomium 28:12). Die *vloeke vir ongehoorsaamheid* sou nogtans insluit: “... in jou weë sal jy geen voorspoed hê nie ... Die vrugte van jou land

en al jou werk sal 'n volk eet wat jy nie ken nie ... Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim ... *Hý sal aan jou leen, maar jý sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees* ... Omdat jy die Here jou God nie met vreugde en vrolikheid van hart weens die oorfloed van alles gedien het nie, sal jy jou vyand wat die Here teen jou sal stuur, dien in honger en in dors en in naaktheid en in gebrek aan alles; en *hy sal 'n ysterjuk op jou nek sit totdat hy jou verdelg het* ...” (Deuteronomium 28:29-48). 'n Groeiende koor stemme waarsku dat hierdie vloeke vandag besig is om die losbandige Israelitiese nasies in te haal. Ander Hebreeuse profete het ook herhaaldelik gewaarsku dat die toekomstige ondergang van God se uitverkore Israelitiese nasies “*skielik*” en *onverwags* sal kom (Jesaja 9:13, 29:5, 30:13; Jeremia 6:26, 15:8). Hedendaagse finansiële ontleders besef dat dit kan gebeur indien die nasies wat aan Amerika leen besluit om van hul dollars ontslae te raak en hul lenings op te roep. Die profeet Habakuk se waarskuwing aan die antieke Babiloniërs: “Die tyd kom vinnig nader ... dat skuldeisers vir wie jy sidder, skielik voor jou sal staan en jou sal kaalstroop” (Habakuk 2:7, NV.) – kan ook van toepassing wees op skuldbelaaide nasies soos Amerika en haar Israelitiese neefs. Profetiese Skrifgedeeltes bevat 'n ernstige boodskap: Skuld en ongehoorsaamheid lei tot die ondergang van nasies!

—Douglas S. Winnail

Vervolg vanaf bladsy 15 – Ekonomiese ramp?

voorspel het, is ons regering besig om onverskillig en roekeloos te spandeer, te leen en geld te druk teen 'n meer kolossale tempo dan ooit. Daar is sekerlik ook geen aanduiding dat ons, as 'n nasie, van plan is om te bekeer van ons sondes nie. Bowendien, buitelandse nasies sal waarskynlik nie sit deur passief te wag vir ons om terug te keer na gesonde waardes nie.

Ewenwel, slegs God kan die langtermyn toekoms gesaghebbend voorspel. God sê aan ons, tensy ons ons bekeer, sal ons rykdom as buit deur ons vyande weggeneem word. “Jou rykdom en jou skatte sal Ek as buit gee, sonder betaling; en dit weens al jou sondes en in jou hele grondgebied. En Ek sal *jou* jou vyande laat dien in 'n land wat jy nie ken nie; want 'n vuur is aangesteek in my toorn, oor julle sal dit brand” (Jeremia 15:13-14). Dan: “My berg in die veld, jou rykdom, al jou skatte sal Ek as buit gee *saam met* jou hoogtes, weens die sonde in jou hele grondgebied. En jy sal uitval – en dit deur jouself – uit jou erfenis wat Ek jou gegee het, en Ek sal jou jou vyande laat dien in 'n land wat jy nie ken nie; want julle het 'n vuur aangesteek in my toorn, tot in ewigheid sal dit brand” (Jeremia 17:3-4). Alhoewel hierdie woorde spesifiek aan antieke Juda geskryf was, is hulle ook van toepassing op die hedendaagse nakomelinge van Juda en die Huis van Israel (Jeremia 2:14-15) – insluitende die Amerikaners en nasies van Britse afkoms (sien ons boekie,

Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?).

Die Bybel praat van die opkoms van 'n nuwe ekonomiese supermag – 'n mag wat **vandag** in wording is. Baie Amerikaners besef dit nie, maar slegs drie van die leidende Europese nasies saam, voer alreeds twee maal soveel goedere uit as die Verenigde State. Die Skrif onthul dat daar aan die einde van hierdie tydvak 'n Europese kragreus die wêreld se handel vir 'n kort tydjie sal oorheers. Hierdie “Dier” sal vir 'n tyd mag hê “oor elke stam en taal en nasie” (Openbaring 13:7). Wat leer ons nog oor hierdie Dier? “En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het” (Openbaring 13:16-17, 18:3, 11-19). Om meer te leer oor hierdie verstommende profetiese tyd, bestel gerus u gratis kopie van ons kragtige boekie, *Die Dier van Openbaring: Mite, beeldspraak of werklikheid?* van die Streekskantoor die naaste aan u, soos gelys op bladsy 2 in hierdie tydskrif, of bestel dit aanlyn by www.wvm.co.za.

Die Europese leiers dring alreeds aan op 'n nuwe ekonomiese orde wat van Amerika en Engeland sal vereis om die ekonomiese mag en invloed wat hulle vir meer as 200 jaar geniet het, prys te gee. God

sal toelaat dat die hedendaagse afstammeling van Efraim en Manasse weer hul lesse sal leer deur 'n tyd van nasionale ballingskap. **Alle** nasies sal uiteindelik voor God verootmoedig word. (Jesaja 2:5-7, 10-11, 19-21). Geld sal hulle nie red nie (Spreek 11:4). Hy sal egter uiteindelik die nasies red uit die dieptes van ellende (Jeremia 30:4-20). Die seëninge van Abraham **sal** herstel word aan die moderne afstammeling van antieke Israel (Jesaja 60:1, 5-6, 11, 17-22) en die hele wêreld sal voorspoedig wees onder die duisendjarige liefdevolle heerskappy van Jesus Christus.

Ons weet nie presies hoe lank dit vir hierdie scenario sal neem om af te speel nie. Die finale ekonomiese ineenstorting mag dalk nie so gou plaasvind as wat sommige mense verwag nie. Alle aanduidings toon egter dat ons **wel** afstuur op ineenstorting – tensy ons nasies hulle weë drasties verander. Die Bybel se profesieë toon aan dat Europa en die Asiatiese nasies toenemend welvarend sal word, terwyl Amerika dit minder en minder sal wees. Uiteindelik sal 'n nuwe ekonomiese supermag duidelik na vore kom en sal werklik die volke van Amerika in nasionale ballingskap neem – 'n straf wat nie sal eindig tot en met Jesus Christus se wederkoms nie, wanneer ekonomiese welvaart, vrede en God se hele lewensweg op die planeet Aarde herstel sal word, en die hele aarde uiteindelik sal juig (Psalm 14:7; 96:10-13; 97:1; 98:3-4). **WVM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

God in dit alles?” verstaan **nie!**

Hierdie mense het *nooit verstaan* nie of het heeltemal vergeet van die vele verse wat ons vertel dat **Satan** in werklikheid die “god” van hierdie tydvak is (2 Korinthiërs 4:4). Baie van hierdie mense – dikwels sogenaamde Christene – **aanvaar** verkeerdelik dat God op een of ander manier probeer om “almal nou te red” en dus onverskillig sou wees as Hy nie ingryp om mense te red van elke tragedie wat plaasvind nie. Die Skepper van die heelal probeer egter **nie** om dit alles te doen nie – *nie nou nie*.

Is die mense van Haïti *groter sondaars* as die meeste van die res van ons?

Gespraak van die *waarom* van menslike tragedies, vertel die Evangelie van Lukas aan ons: “En in dieselfde tyd was daar mense teenwoordig wat Hom berig gebring het van die Galiléërs wie se bloed Pilatus met hulle offers gemeng het. En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dink julle dat hierdie Galiléërs groter sondaars was as al die Galiléërs, omdat hulle sulke dinge gelyk het? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom. Of daardie agttien op wie die toring van Silóam geval en hulle gedood het – dink julle dat hulle meer skuldig was as al die mense wat in Jerusalem woon? Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom” (Lukas 13:1-5).

Met al die opstand teen God se wette en weë regdeur die hele wêreld – die venynige oorloë, martelings en verkrachtings, misdaad en geweld, ontug, owerspel en seksuele perversie – *is daar baie sonde* orals! God *laat* verwarde mense *toe* om hulle eie weë uit te dink – om dronkenskap uit te toets, onwettige dwelmiddels en selfs “huwelike” tussen lede van dieselfde geslag! God *laat egter* ook die **lyding** en **angs** *toe* wat uiteindelik kom oor diegene wat Sy wette verbreek. God weet Hy sal *op* Sy *tyd* hulle oë open vir die Waarheid van Sy bestaan en Sy groot Plan, en dat die meeste mense hulle sal **bekeer** en hul na God sal wend wanneer hulle werklik verstaan.

Intussen laat God gewoonweg *toe* dat die

“wette van die natuur” hul tol eis. Benewens dít, *gryp* Hy soms *bonatuurlik in* om mense tot hul sinne te **skud**. Jesus Christus waarsku Self, met betrekking tot die laaste dae: “En daar sal **groot aardbewings** op verskillende plekke wees en hongersnode en pessiëktes; en daar sal verskriklike dinge en groot tekens van die hemel kom” (Lukas 21:11).

Namate wêreldse mense God se naam vervloek en belaster – terwyl selfs die sogenaamde intelligentsia “die spot dryf” met die idee van 'n *ware* God en Sy *weë verag* – gaan God letterlik begin om die nasies te **skud** om hulle nederig te maak en hulle volle aandag te kry.

God het die geliefde apostel Johannes geïnspireer om ons van hierdie tyd wat binnekort kom, te vertel: “En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot **aardbewing**; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, *en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit*; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?” (Openbaring 6:12-17).

Sal mense uiteindelik begin om “wakker te skrik” en hulle na God wend wanneer 'n **groot aardbewing** alles om hulle begin **skud**? Mens mag so hoop. Vir die meeste mense sal hul hardkoppige, **eiesinnige** gesindhede dit egter baie moeilik maak! Die meeste mense kom **in opstand** teen die idee van 'n *ware* God wat die gesag het *om aan hulle voor te skryf hoe hulle hulle lewens moet leef*. Hulle hou nie daarvan om vertel te word dat die Tien Gebooe nie slegs tien “voorstelle” is nie – maar 'n onveranderlike,

onveranderbare **wet** is wat hulle *moet gehoorsaam*: "... omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; *want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie*" (Romeine 8:7).

Elkeen van ons moet gereeld "onsself ondersoek" om te sien **of** ons waarlik onself onderwerp het om ons Skepper te gehoorsaam – die God van die Bybel: "Toe het sy stem die aarde **geskud**; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel **bewe**" (Hebreërs 12:26). Verder sê God se woord aan ons: "Daarom, omdat ons 'n **onwankelbare** koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. Want onse God is 'n verterende vuur" (verse 28-29).

Geagte intekenaars en vriende, *moet asseblief nie hierdie woorde ligtelik opneem nie!* Moet nie **aanvaar** dat die Haïti-aardbewing maar net 'n *eenmalige gebeurtenis* was nie. Wanneer u nadink oor die beelde van hope rommel, stapels lyke van mense wat inderhaas in massagrafte begrawe is, die onberekenbare duisende

getraumatiseerde, verhongerde, byna hopelose mense, besef dan dat *hierdie einste tipe* verwoesting nog **gaan** plaasvind in die stede waarin baie van u leef (Openbaring 16:17-19)! *Ja!* Want God waarsku ons aangaande 'n toekomstige "**groot aardbewing**". *Hy bedoel presies wat Hy sê!* Hierdie huidige samelewing gaan spoedig tot 'n **einde** kom. En God sal **nie** "speletjies speel" met diegene wat opsetlik weier om hulle einste Skepper te **gehoorsaam** nie! Indien God u verstand open, *doen alles wat u kan om te reageer* op Sy kosbare Waarheid terwyl u die geleentheid het. Indien u dit nie alreeds gedoen het nie, *kontak die streekskantoor naaste aan u (gelys op bl. 2)* en vra vir 'n **gratis** kopie van ons insiggewende en inspirerende boekie, *Is Hierdie die ENIGSTE Dag van REDDING?* Dit sal werklik "u oë" open vir God se groot *doel* en **hoekom** Hy dikwels toelaat dat menslike tragedies gebeur.



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880

of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus